



KLYN BEGIN—ANHOU WIN

Deel I. No. 3.]

NOVEMBER, 1896

[15. PER JAAR

**INHOUD.**

NUWJAARSPRESENTYERINGSKONINKRIJK.—(Ged.)  
 DI KONINGIN VAN SIKKHA.—Tweede Deel.—II. Hoe  
 di Ryk ten Skerpe gestig is.—III. Di Kon-  
 inginne van Egipte en Skoba.  
 PRINSES O'EN DI NATIE.—Di loopbaan van di  
 Koningin van di Moed.  
 DI ROOSKOPPE.—IV. Oue bekende.  
 AFRIKAANSE TALKONDERS EN  
 SAMKOMS. 1897.

MOE WONDERLIK ONS GEMAK IS.—III. Di Soms-  
 stel van di Bloed.  
 FYSIOLOGIE.—Aduise roegemak.  
 VERSLAG VAN OPLOSSING VAN RAADSELS IN AL-  
 MANAK EN "ONS KLEYN."  
 GESELSRY MET ONS LERERS.



**M. Glassberg's**  
**PHOTOGRAFISCHE ATELIER**  
 in de Paarl en Worcester

Waarborgende rechte klasse portretten te 1/20 bill.  
 NIEUW  
 NUWE PORTRAYEN VERBOWEER VERBODOT TOT LEXE AANDOE  
 —— DI SCHILDERKUNSTEN ——  
 VAN DENIG FORMAAT WORDEN OF KOETS KENNIGDITOM GEMAK  
 SPECIALITEIT: VERBOOTE PORTRAYEN  
 ALLE WERK WORDT GEMAAKENDT BIERHAREND 1/20

# DE 3 FORMULIEREN VAN EENIGHEID,

NAMELIJK :—

De Nederlandsche Geloofsbelijdenis ;  
De Heidelbergse Catechismus ; en  
De 5 Dordtsche Leerregels ;

## MET DE KERKBODE,

Gelijk die voor de Gereformeerde Kerken zijn vastgesteld in haar  
laatstgehouden Nationale Synode te Dordrecht in  
1618 en 1619

Voor Kerkelijk en Huiselijk Gebruik,

UITGEGEVEN DOOR

Ds. S. J. Du TOIT,

MET VOORREDE, EN

VORMEN TER INVULLING

door Kerkeeraadsleden bij Ambtsaanvaarding,  
door Gemeenteleden bij Bevestiging, en  
door Leeraren of Ouders bij Aalbieting aan jonge  
Lidmaten.

Het geheel vormt een groot 8vo. boekdeel van ongeveer  
100 bladzijden. Prijs 1s. per exemplaar, postgeld inbegrepen.  
Ter uitdeeling aan jonge lidmaten en ter verspreiding 10s. per  
dozijn, £1 15s. per 50, en £3 per 100 exemplaren franco  
per post. Te verkrijgen bij alle Boekverkoopers in Zuid Afrika  
en bij

D. F. DU TOIT & CO. (Beperkt), Drukkers,

\* PAARL. \*



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, NOVEMBER 1896.

[No. 9.

### Inhoud.

NUWE JAARS PERSENT FER ONS KLYNTJI—(Gediz)...	169
KONINGIN VAN SKEBA.—II. Hoe di Ryk fan Skeba g-stig is.—III. Di Koninginne fan Egipte en Skeba ... ..	170
PRATJIS OEB DI NATUUR : di loopbaan van di kwartire van di Maan ... ..	177
DI ROOSKNOPPI : IV Oue bekende ... ..	178
AFRIKAANSE TAALKONGRES EN GODSDIENSTIGE SAMEKOMS 1897 ... ..	184
HOE WONDERLIK ONS GEMAAK IS : III. Di samestel van di bloed ... ..	185
PRYSVRAGE : Abuse reggemaak ... ..	186
VERSLAG VAN OPLOSSING VAN RAAISELS IN ALMANAK EN "ONS KLYNTJI" ... ..	186
GESELSERY MET ONS LESERS ... ..	191
GEDIGTE ... ..	192

### 'n Nuwejaars Persent fer " Ons Klyntji."

Kom, frinde, luister na myn raad,  
 Laat ons *Ons Klyntji* meer laat praat.  
 Di fraag is net op welk manier?  
 Elk geef hom net nog silings fiir,  
 Dan word hy gou-gou groot en sterk,  
 En kan oek twe keer sofeul werk.  
*Ons Klyntji* is al 8 maande oud,  
 En hy het nog een grote fout  
 Hy kom al maande net een keer,  
 Terwyl ons twe keer hom begeer.  
 In Maart is syn geboorte dag,  
 Wat sal hy dan fan ons ferwag?  
 Elk moet hom 'n persent laat kry;  
 Want hy praat al te mooi fer my,  
 En al di mense het hom liif,  
 En almal fraag hom : assebliif,  
 Hy moet 'n bitji meer tog praat;  
 Want anders word ons fer hom kwaad.

Syn grappiis is tog al te mooi,  
 Ons lees dit saans tot in di kooi.  
 Di Nuwejaar kom al naby,  
 'n Hoedji moet hy dan weel kry;  
 Want anders brand syn klyne kop,  
 En dan is ons almal gefop.  
*Ons Klyntji* is di beste kind,  
 Wat ek nog ooit het uitgefind;  
 Want hy is folbloed Afrikaans,  
 En skuil ni in 'n Jingo-skaans.  
 Hy praat mooi fan ons foorgeslag,  
 En laat ons somtyds lekker lag.  
 Net een ding wens ons nog fan hom :  
 Hy moet al maande twekeer kom.  
 Dan het ons wat ons hart begeer,  
 En gé hul-graag 4 silings meer.  
 Mar bowediiin gé ons an hom  
 'n Mooi persent as Nuwjaar kom.  
*Ons Klyntji* is di beste blad,  
 Wat ons ooit in ons hand kan fat.  
 Di *Burger en Express* alby,  
 Di is *Ons Klyntji* al ferby.  
 Hy praat so lekker oek ons taal,  
 Bo fan di Kaap tot in Transvaal.  
 Di frouens hiir in onse wyk,  
 Kom fan elk huis af an gestryk;  
 Hul wil *Ons Klyntji* hoor en siin;  
 Waar het 'n blad di eer ferdiin?  
 Ek wens *Ons Klyntji* feels geluk,  
 En oek syn faders wat hom druk.  
 Kom laat elk nog 4 silings stoot  
 Dan word hy twekeer nog so groot.

H. C. BOSHOFF.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is amper klaar, en glo my van deuse jaar is hy belangrik. Di hele brand-siikte wet van 1894; di kos alleen al meer as 1s. Dan is daar 'n gids ("of Directory") van sowat al di dorpe en distrikte in Suid Afrika, waar hulle lê, hoe hoog, opbrengste, bevolking, ens. En 'n menigte ander nuttige dinge en dit alles net ver 1s.

## Di Koningin fan Skeba,

OF

### SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

Di eerste Deel ferhaal hoe ons onder Simbabwe 'n rol ontdek, geskrywe deur Elihoref, Salomo syn gehym-skrjwer en prins gemaal fan di Koningin fan Skeba, waarin megedeel word dat hy di geskiedenis fan di ryk beskrywe het en dat di beskrywing same met grote skatte ferberg is onder di berg Afoer by di ebalsemde lyke fan di Koninginne. Op awysing fan di Molimo kry ons di ber-ten noordweste fan Tati en onder di berg di grafkelders en lyke en oek 3 perkament rolle. Di twede deel befat di inhoud fan di rolle en ons ferdere ontdekkings en befin-dings.

Di perkamentrolle is by plekke beskadig deur fogtig-tyd. Sofêr leesbaar begin dit met beskrywing fan di Paradys op di hoogland fan Afrika, onder di sonlyn, by di Maanberge en 3 Mere, waar di 4 rittre (di Nyl, di Niger, di Kongo, en di Sambesi) hulle oorsprung het—en hoe di eerste mense aftallig geworde het en deur God gestraf is—Di onderaardse kamer onder di berg blyk di afgrond af te beel; by di ingang is di sondestloed afgebeel en ferdere bese geeste.

## II. HOE DI RYK FAN SKEBA GESTIG IS.

*Klaas fan 'n Mambas-lang gebyt, deur Umsalomi gesond gedokter met Slanggif.—Gesprek by di Aand-juur.—Ontdekkings in di eerste Grafkelder.—Di Rol fertel fan di Sondstloed.—Hoe swaar en benoud Mens en Dier dit hat in di Ark.—Di Afstammelingen fan Gam kom terug na Afrika.—Di Fel-klere fan Adam en wat daarfan geworde het.—Gam syn Seun Kus stig di Ryk fan Ethiopi'e.—Syn Seun Hafila trek o'er di Sambesi na di Goudland.—En syn Seun Skeba stig di Ryk hier.—Bespreking fan di Hoofspunte, met ferdere Bewyse.—'n Dondersstorm maak 'n End an di Gesprek.*

**D**I follende dag oggend gaan ons weer elkeen syn gang en an syn werk. Myn fertaling gaan nou al heel wat gouer. Ek het nou ni meer te sukkel met party fan di ous letters ni, en diselfde woorde kom gedurig terug, so lat ek di ni hoef op te soek ni. Ek forder dan oek net fluks, want ek kon di hele dag mooi stil deur werk.

Teen di aand, 'n ruk foor son-ouder, kom eers Henni en Umsalomi met hulle pale, en Henni gaan, na enige pratjiis, ons aandkos klaar maak, terwyl Umsalomi di pale gaan inplant. Ek was nog druk besig met fertaal, om by 'n goeie rusplek te kom. Daar hoor ek meteen 'n gedoente en Henni roep na my. Klaas was angehardloop gekom; 'n mambas lang had hom an di hand gebyt terwyl hy gras sny. Hy kon amper ni meer siin of praat ni, di arme klyn jong. Syn hand was al opgeswel en 'n mens kon siin

hoe di gif met 'n rooie streep an syn arm optrek; dit was al bokant di elleboog.

Wetende hoe freselik fergiftig di mambas lang is, was syn dood so goed as seker, en net gou oek mar. Gelukkig fal dit my dadelik in dat di Kafferdokters di gif fan di mambas-lang self prepareer fer medisyne, en dat dit 'n onfylbare middel is teen di byt fan enige giftige diir. Ek roep dadelik na Umsalomi, en Henni fra hom of hy ni di medisyne het ni. Hy sê ja, en haal dit dadelik, uit syn knapsakki uit.

Hy sny toen eers 'n kruisi net op di bytplek en smeer 'n bitji fan di geprepareerde slanggif daarin, en gé toen fer Klaas 'n bitji fan di gif in oek, wat hy skaars nog met 'n bitji water kon stuk. En dit was wonderlik om te siin hoe gou dit werk. Di slang syn gif werk finngig, mar nog finngiger werk di medisyne. Uitwendig trek dit di gif uit, sodat daar 'n taaie, gele fog nit di plek loop waar hy dit ingesmeer het, en net soos di rooi streep an syn arm opgetrek het, so trek dit nou weer lanksamerhand terug. En dit het oek ni lank geduur ni, of hy kon weer goed siin en praat oek. Ons fra toen fer Umsalomi of ons fer hom 'n bitji brand-wyn moet g', mar hy sê: né, di medisyne moet eers syn werk doen, dan kan ons fer hom daarna 'n sopi gé tot fersterking. Mar nou moet ons fer hom mar stil laat bly fer 'n goeie ruk. Op ons fraag ferseker hy ons dat daar gen gefaar meer is ni; mar had hy di medisyne ni toegepas ni, dat hy dan al sou dood gewees hé.

Ons stuur toen fer Umsalomi om di osse te haal, want ons moes hulle saans an di wa fas maak, om lat di leesu snags rondom brul. Ek gaan toen weer an myn fertaling, om 'n goeie stopplek te kry, en Henni kyk meteen na Klaas terwyl hy ons kos gaar maak. Ek was nog besig toen ek Neef Gideon en Neef Hendrik met Henni hoor praat. En by di eerste rusplek stop ek toen en gaan na hulle toe. Klaas was toen oek al so beter, dat hy weer by di fuur sit fertel hoe di slang fer hom gebyt het.

Ons stuur toen fer Henni om fer Umsalomi te gaan help di osse soek en breng, en kort daarna kom hulle gelukkig oek met al di osse an. Henni fertel toen fer ons hoe erg fergiftig di mambas-lange is. Hy noem gefalle op dat so 'n mamba in 'n boom sit, in di bosfeld, en as daar 'n trop beeste onder deur loop, dat hy een fer een wat ferby kom pik, en hoe di eerste bees net 'n klyne entji loop en dan dood neerfal; di twede 'n entji ferdier; en so fort tot 7 agter makker, terwyl andere slange mar een of twe fergiftige byte gé, dan is hulle gif uit, of so flou dat dit gen kwad meer doen ni. Umsalomi befestig dit oek met andere foor-beelde. Mar hoe hulle di slang in di hande kry om syn gif uit te haal—want hy is 'n freselik goue slang, hy flug soos 'n pyl deur di bome,—en hoe hulle dit prepareer, kon ons mar ni uit hom kry ni; dit lyk of di kafferdokters dit gehym hou. En dit het baing moeite en beloning gekos om 'n bitji fan di geprepa-erde gif fan hom te kry.

In di tussentyd was ons aandéte en té al klaar, en gaan ons eet, terwyl di gesprek mar nog loop o'er di slangbyt en slanggif. Ek fertel hulle toen hoe ek in di Mapog-oorlog in Transfaal gesiën het, feral in di Heidelbergse lager; dat di boere di geprepareerde gif inwendig en nitwendig gebruike fer siikte en woude, en hoe gou dit help; en dat ek altors so'n flessi gif by myn gehad het, (wat ek nog by Abel Erasmus gekry het an Lydenburg), as ek op skoolinspeksi uitgaan; en hoe ek eenkeer 'n pérd fan my, wat al di fuur gehad het fan pergeer, en ni meer wou freat of snip ni, met di zif net gou gesond gemaak het, ens.

Na di ete steek ons nou weer ons pyp op en gaan sit gesels. Di twe frinde had di dag di eerste kamer met di opgaande gang noukeurig ondersoek, mar niks bisonders ontdek ni. Hulle het op di floer en langs di mure gestamp en geklop; mar kon gen holligheid bespeur, waar iits kon ferborge wees ni. Net een fan di 3 mummiis had nog 'n goue halsband om haar ne, wat di mense wat in froegere eeue di grafkelders ope gemaak het, en denkelik beroof het, ni moet gesiën hē ni. Mar di tekeninge op di mure is belangrik. Neef Hendrik het 'n ant-kening daarfan gemaak, terwyl Neef Gideon 'n ruwe aftekening fan 'n paar gemaak het om te bewaar. Mar hulle was alby nog ni klaar gekom daarmé ni. By ons eerste deurga g het ons reeds 'n korte skets gegé fan di tekeninge in di kamer, en later kom ons daarop terug.

Toen hulle klaar had met fertel was dit myn beurt om foor te lees wat ek di dag fertaal het. Mar foor ek dit hiir laat folg moet ek eers nog medeel, dat di donderweer al di forige dag gedryg het, en di agtermiddag donker opgekom het, en nou al nader kom, sodat ons reeds di dreunings kon hoor en duidelik kon siin dat di weer di nag son o'erkom. Hiir folg nou wat ek di dag fertaal het:—

\* \* \* \* \*

En di skip drywe op di angesig fan di waters en dit word heen en weer geslinger op di waters. En daar kom 'n sterke wind op, wat di waters beroer en di skip slinger, sodat alle léwende wesens wat daarin was o'er makkaar fal. En daar was 'n grote ang onder alle léwende wesens wat in di skip was; want dit was of di skip wou breek. En di lees di brul, en di osse di bulk, en di wolwe huil, en alle léwende wesens wat in di skip was skreen elkeen op syn waniir, sodat dit 'n freeslike geskreeu was. En Noag en syn frou en kinders huil oek en was beangs dat hulle di poorte fan di dooderyk nader. En Noag bid ernstig tot Jawé [di Here], en Jawé hoor fer hom en denk an hom. En di fensters fan di hemele word gesluit, en di fontyne fan di af rond ferswelg weer di waters, en di orige waters werd deur di winde

en di so opgedroog. En 'n ster ke suidewind waai di skip fér weg fan di plek waar di m'nee eers gewoon en al di sonde gedoen het, en di skip rus op di berg Al Júdi [Ararat]. En toen Noag en syn seuns uit di skip kom, was hulle in 'n heeltemal freemde land. En Noag offer 'n offerande en bid en fraag fér Jawé, of hy daar moet bly woon of weer terruggaan na di land waar hulle eers gewoon het. Mar Jawé sê, hulle moet daar bly woon, en so doen Noag en syn seuns, en hulle was daar foorspoedig en frugbaar en fermengfuldig.

En dis di name fan Noag syn seuns: Jafet, Gam en Sem. En hulle had weer kinders, want hulle het fronens gen'em foor di o'erstroming. Jafet had 7 seuns, en S m had 5 seuns uit wi Abraham en di Hebreën afgestam het.

Mar Gam had eers mar 4 seuns: Kus, Mitsra'im, Put en Kanaän.

En di seuns fan Kus was Sebá, Hafila, Saptá, Raäma en Satega.

En di seuns fan Raäma was Skeba en Dedan.

En di seuns fan Mitsra'im was Lud, Anom, en Patros, Gaslót en Kaftor.

En di seuns fan Put Gebal, Hadan, Bena en Adan.

En di seuns fan Kanaän was Sidon, Het, Amori, Gergasi, Hifi, Arké, Seni, Arodi, Simodi, en Gamoti.

En Noag plant 'n tuin en 'n wi gerd en di eerste maal wat hy fan di druiwesop dr'nk word hy dronk. En Kanaän siin dit di eerste en hy bespot syn oupa, en hy roep syn fader Gam en hy l'g o'ek o'er syn fader. Mar toen Jafet en Sem dit hoor het hulle fer hulle fader in di tent toegedek. Daarom het Noag toen hy ontwaak uit syn dronkenskap fer Jafet en Sem gesegen en fer Kanaän, di seun fan Gam feroeflek.

En na di ferfloeking en bestraffing het Gam met syn kinders, omtrent 730 man, toen weg getrek fan Noag af, na di suide, waar di mense eers gewoon het onder an di r'f'f' Gihon [di Nyl]. Mar Kanaän en syn kinders het langs di [Middellandse] Sé gaan woon. En Put met syn seuns gaan langs di Skelfsé woon. En Mitsra'im en syn seuns bly by Gam hulle fader, en na hom is di land Mitsra'im [Egipte] genoem.

En Kus, di seun fan Gam, di seun fan Noag, neem 'n frou op syn oue dag en sy baar fer hom 'n seun, en hy noem syn naam Nimrod, want in di tyd b gin di mense weer te rebelleer teen Elohim [God]. En syn fader was baing gek na hom. En di fel-klere wat God fer Adam en syn frou gemaak het, toen hulle uit di Paradys ferdrywe is, was an Kus gegé. Want na di dood fan Adam is di klere gegé an Enog, di seun fan Jered, en toen Enog opgeneem is na God het hy dit an syn seun Metusela gegé, en na syn dood het Noag dit geneem en in di skip bewaar. En by syn weggaan het Gam dit gesteel fan Noag en dit weggesteek. En Gam het dit an syn ouste seun Kus gegé, stilletjies; en Kus het dit oek lank weggesteek fer syn broers en seuns. Mar om hy fer Nimrod so liif had gé hy di klere an hom, en toen hy 20 jaar oud was trek hy dit an. En hy word sterk en God gé fer hom krag, en hy was 'n geweldige jagter, en dood di wilde dire en hy bou altare en offer di dire fer Jawé [di Here]. En Nimrod was 40 jare oud toen daar 'n oorlog was tussen di kinlers fan Gam en fan Jafet, en Nimrod o'erwin di kinders fan Jafet en hy was di heerser o'er di land en bou di stad Sinar, en hy wyk af fan Jawé en diin afgode, en bou 'n toren en dit was kwaad in di oge fan Jawé [di Here] en Hy ferwar daar hulle tale, en daardur werd hulle werk ferydel, en ferstrooi di mense o'er di aarde.

Mar Kus en syn seuns gaan terug op uet di rifiir Gihon [di Nyl] na di land waar di mense foor di o'erstroming gewoon het. En syn seuns Hafila en Raama met hulle kinde s trek nog ferder suid o'er di rifiir Pison [di Sambesi], waar di goudland is, wat na Hafila genoem werd. En Raama syn seuns was Skeba en Dedan, en Skeba was di stigter fan hiir-di koninkryk, wat na hom genoem werd, en hy was di eerste koning fan di ryk. Mar hy had net 5 dogters en gen seun ni, en daarom het hy dit tot 'n wet gestel, dat o'er di ryk altyd koninginne moet regeer, eers syn oudste dogter, en so altoos di oulste dogter in opvolging.

En di koninkryk fan Skeba was ryk an goud en edelgesteentes en ifoor, en di aarde was frugbaar om alle soorte frugte en groentes op te bring, en di folk word groot en sterk, en hulle grawe goud en drywe handel, en hulle had goudsmits om di goud te bewerk. Mar hulle het cenfoudig gelewe in strooihuise.

'n Predikant het nooit 'n andagigter gehoor as ek had met di voorlees ni, tot Klaas inkluis, wat nou weer heeltemal beter was.

"Hiir het ons nou hoe hiir-di ryk gestig is deur 'n agterklynseun fan Gam. Dis ferwonderlik dat dit ni froeger opgemerk is hoe di name fan di geslachtsregister in Genesis 10 o'reenkom met di name wat Mozes Genesis 2 noem fan di woonpl k fan di eerste mense ni. Dis tog alg meen erkend, dat Gam in Afrika lom woon het. Eu kyk nou, di name fan syn seuns is almal hiir in Afrika: en dis bekeud dat di stamfaders in di oue tyd di lande waar hulle gaan woon het na hulle name genoem het. En let nou op, *Mitsra'im* was Gam syn tweede seun en na hom is di naam fan Egipte in Hebreus en andere oue tale nog *Mitsra'im*. *Kus* was di oudste seun, fan Noag en dit was di oue naam fan wat later genoem werd Etiopië, wat ten suide fan Egipte lê, mar nimand kan bepaal hoefter dit suidel k uitgestrek het ni. *Put* was Gam syn derde seun, en di het langs di Rode Sé of Skelssé gaan woon, waar dit oek na hom genoem is. *Kanaän*, Gam syn vierde seun? is langs di kus fan di Middellandse sé aan woon en nit hom is di Fenisiërs (*Zidon* was syn oudste seun) afkomstig. En folleus di ge'lenkrol is *Nimrod*, Kus syn joagste seun terug gekeker na Asië, en het daar di ouste ryk fan Bab l gestig.

"Mar di opmerkelikste is, dat juis di oudste seun fan Gam *Kus* di fërste suidelik getrek het, en dat di naam fan syn seun *Hafila* juis o'reenkom met di naam wat ons in Genesis 2 genoem word as di goudland waarlangs di Sambesi (Pison) loop, en dat di naam fan syn klynseun *Skeba* juis o'reenkom met di oue goudland waar Salomo syn goud gehaal het."

Ek kon ni help om dadelik na di lees di gedagte uit te spreek, waarfan ek di hele dag onder di fertaal fol was ni. Neef Gideon stem hiir mé in, en merk daarby op, dat di skrywer dus oek seer gepas fer syn doel net di afstammeling fan Gam folg, as di ouste bewoners fan Afrika na di sondefloed, en as di stigters fan di ryk fan Skeba, wat hy ferder wil beskrywe.

"En tog werp hy belangrike lig oek op di bybelsé geskiedenis soos ons dit in Genesis ferhaal is. Kyk, ek het froeger nooit so daaro'er gedenk, dat Noag en syn famili en di dire dit so swaar gehad het in di ark ni, mar nou by nadenk kan ek dit goed ferstaan; want kyk, in Genesis staan mos oek fan di wind wat God o'er di aarde laat waai en hoe di waters heen en weer gestroom het. Dit moet mar net onstuimig gewees hé op di grote waters, nog groter en onstuimiger as di sé nou."—Dit m rk Neef Hendrik an.

"Ja, en dat di ark sofër noor l gedrywe het is heel natuurlik folleus di ferhaal dat di eerste mense in Middel-Afrika onder di sonlyn gewoon het, want dan waai di lugstroom fa daar na di noorde," was myn anmeiking, waarby ek nog foeg: "en di nood fan Noag en fan alle mense en dire in di ark word netso beskrywe in di "boek des rechtaardigen," of boek fan Jasher, wat angehaal word in Josua 10: 13; en

di geskiedenis fan di fel-klere fan Adam word oek net-so in di boek beskrywe."

"Mar watter berg sou hiir bedoel worde waarop di ark gerus het; dit word hiir ni Ararat genoem ni, mar *Al Judi*?" fraag Neef Gideon.

Myn antwoord was: dit bedoel mar diselfde bergketen; in di Koran noem Mahomet oek diselfde nam en nou nog word di berg by A meni'e met di naam genoem."

"Dis opmerkelijk," sê Neef Hendrik, wat intussen Genesis 10 opgeslaan het, dat di kinders fan Put, wat in di Bybel ni genoem word ni, hiir in di rol fermeld word; di stamlys fan Gam syn afstammelingen word hiir dus follediger gezê."

"Mar wat sou fan di pak fel klere geworde hê?" —fal Henni in.

"Ag, Henni, hoe kan jy tog so dom fra? Wat het dit nou met di saak te doen?"—foeg Neef Gideon hom toe.

"Mar dan is dit daarom al regtig bang lank, dat di land hiir bewoon is, en dat di oel mense hiir gewerk het," sê Henni toen; "né, ek begin nou oek al 'n bijtje an di one rol te glo."

Molik sou ons nog ferder sit praat hê. Mar di donderwer begin nou al o'er te kom en di eerste druppe's begin te fal. So moes ons mar gan slaap, Neef Gideon en ek in di wa; Neef Hendrik en Henni in di tent, en Klaas oek daarby, en Umsalomi onder di wa. En di weer was di nag net erg, harde donker en ordentlik reen.

### III. DI KONINGINNE FAN EGIPTE EN SKEBA.

*Koningin Hatasu in Egipte. —Stuur di eerste Floot na Skeba toe. —700 jaar loer Salomo. —Sluit 'n Handels-o'ereenkomst. —Ferdere Gemeenskap o'er Land en Sé. —Kry fanhiir deselfde Artikels soos Salomo lter. —Laat dit beskrywe en afbeel in 'n Tempel. —Wat o'ereenkomst met di Beskrywing en Afbeeldings wat ons hiir kry. —Ontdekkings in di Grafkelders. — Ons osse gesteek fan di Tsetse-flig.*

**D**i follende dag oggend was dit pragtige mooi weer; dit had heerlik greeen di nag; alles siin daar lewendig en frolik uit; Klaas was heeltemal gesonl; en toen di son pragtig uitkom gaan elkeen weer an syn werk. Feral di 3 wat ons strooihuis moes klaar maak word opgedruk om gou te maak nou di reentyd begin.

Myn fertaal werk word nou oek al makliker en belangriker, en ek merk dat wate'r di dag fertaal o'ereenkomsten met di afbeeldings in di eerste kamer of grafkelder onder di berg. Ek fertaal toen flytig en onafgebroke deur tot di follende rusplek, en sowat 4 uur gaan ek met di fertaling wat ek gemaak het self na di kamer toe, om dit daar te lees met di 2 frinde same en te fergelyk met di afbeeldings an di mure.

Toen ek in di eerste kamer kom was di 2 frinde al daaruit. Ek gaan toen na di twede kamer om fer

hulle te soek, mar kry hulle daar oek ni. Toen was ek in twyfel of ek ferder met di opgaande gang na di derde kamer sou gaan, of met di sygange eers in di 2 sykamers, wat uit di twede kamer uitgaan, sal gaan kyk. Ek kry hulle dan oek in een fan di sykamers, waar hulle enige belangrike dinge ontdek het, wat ons bevestig in di mening dat di sykamers di grafkelders was fan di priisters en priisteresse, en dat dit meteen as 'n soort fan dodekerk gebrnik is om lykdinste te hou. Mar daoro'er later meer.

Ek neem hulle twe toen terug na di eerste kamer, en lees hulle daar foor wat ek di dag fertaal het, en toen kry ons di hêle geskiedenis daar in beelde afgeteken laugs di mure. Ek het bowediin di beskrywing wat Professor Rawlinson gé fan di gskiedenis oek megeneem, in *Ancient Egypt* (bl. 178—186), een fan di boeke, wat ek an Bulawayo gekoop het. Ter wille fan di samehang gé ons eers di hele geskiedenis soos ons dit fertaal het en daarna 'n samefatting fan ons bespreking, hoewel ons dit punt fer punt gelees en dan di afbeeldings aagegaan en bespreek het.

En Mitsra'im syn sun Ames word koning na syn dood. En di bewoners fan Mitsra'im [**Egipte**] was naby di sé en had 'n f ugbare land, wat jaarliks o'erstroom word fan di rifier Gihon [**di Nyl**], en het in omgang gebly met di kinders fan Jafet en Sem, en het daar 'n grote ryk gestig en grote huise en stede en grafte [**Piramides?**] gebou, follens di gedenkteken wat hulle daar gebou het foor di o'erstroming.

En omtr nt 2,300 jare na di skepping fan di mens, en omtrent 650 jare na di grote o'erstroming, en omtrent 700 jare foor Salomo di tempel gebou het, het daar 'n geweldige koning in Mitsraim [**Egipte**] geregeer, wat 'n dappere krygsman was en al di lande rondom ferower het. Syn naam was Totmes, en syn hoofstad Tébe. Eers had hy net 'n dogter, Hatasu, mar toen hy al oud was is hy weer getrou, en het syn frou 2 seuns gekry, een wat hom moes opfolg as Totmes di twede.

Mar Totmes was al oud, en syn dogter Hatasu was 'n slimme en dappere frou, nes haar fader. So het sy in syn laaste jare same met hom geregeer en hy het an haar di troon-titel gagé fan Ra ma-ka, en het fer haar genoem di "Koningin fan di Suide en fan di Noorde."

Toen Totmes dood was folg syn seun fer hom op, vollens gebruik fan di land, onder di naam fan Totmes-nefer-shou. Mar hy was mar jonk en swak fan fer-

stand en sag fan aard, en Hatasu was ouer en el'immer. In naam tron sy toen met haar halwe broer en regeer di land.

Sy het baing grote geboue laat maak, en het stukke angebou an di tempel fan Ammon by Karnak, en het oek di ten pel'gebou by Menet Abou, naby Tébe.

Di gesamelike regering fan Hatasu en haar broer het mar kort geduur. Sy wou heeltemal alleen regeer en het in 'n sameswering haar broer laat fermoor, terwyl hy nog jonk was.

Sy het toen geregeer as Koningin fan Mitsra'im [Egipte], en het sig self genoem: "di lewende Horus, fol fan goddelike gawe, di beheerseres fan di krone, ryk in jare, di goue Horus, godin fan di krone, Koningin fan onder en Bo Mitsra'im [Egipte], dogter en frou fan di Son, frou fan Ammon [en fan hulle gode], wat enig lewe, wat woon in syn hart." Dan wou sy oek 'n man wees en het mansklerre gedra en 'n false baard. Haar naam het sy angeful tot Hatasu-Khnum-Ammon, waardeur sy sig freenselwig het met 2 fan hulle fernaamste gode. Later het sy fer haar Koning genoem en di tite's angeneem fan: "Seun fan di son," "di go ie god," "heer fan di 2 lande," di "beminde fan Ammon, di beskermer fan di Konings."

Mar sy was nijtefrede met di folle heerskappy in Onder en Bo Mitsra'im ni, mar sy wou haar handel uitbry en feral gemeenskap open o'er sé en o'er land met di land fan Punt. Ta-neter, di Heilige Land, di ferblyf fan Ator, in di suide, waar di seuns fan Kus di ryk fan Skeba gestig het. Daarom het sy an di Skelfsé 12 skippe laat bou, wat met roeie en syle gedrywe worde, en het op elke skip 70 man geset, erfare sémanne, en een fan di seuns fan Kanaän [fan Tirus?] fer operskipper op elke skip. Op elke skip was 30 roeiers, 10 werk met di syle, en di ander was gewapende soldate, as hulle mog angefal worde. En o'er al di skepe same het sy een gesant geset, met persent; fer di stamme waar hulle kom.

Di skippe het sy toen uitgestuur fan di Skelfsé, met di order dat hulle ni mag terug kom ni, foor hulle an di land fan Punt was ni. Met 'n gunstige wind beryk hulle yndelik di hawe fan Ofir [Sofala?], waar hulle di skippe laat met enige manne,

terwyl hulle di rys maak na Skeba met kamele, wat hulle megebreng het met di skippe.

Hulle breng toen di persente an di Koningin, wat in di tyd o'er Skeba geregeer het, en sy ontfang hulle regte frindelik. Sy was getroud met Parihu, mar follens di gebruik fan di land het sy geregeer. Di geselskap fan Mitsra'im [Egipte] het enige tyd, daar gebly, en di gesant fan Hatasu het 'n o'reenkoms gemaak, waarby di Koningin fan Skeba di oppergesag fan Hatasu en fan di konings fan Mitsra'im [Egipte] erken, terwyl di frede en fryhyd fan di land fan Punt en fan di Koninginne fan Skeba erken word. Mar di akkoord was: dat di Konings fan Mitsra'im [Egipte] altyd di Koninginne fan Skeba meet anstel, soos 'n Koningin sérwe.

In di tyd wat hulle daar bly het di Mitsra'imate [Egiptenare] baing gom uit di almngginbome [Mopani-bome?] getap, wat hulle gebruik om as wirook te brande by hulle offerandes. En 31 fan di jonge bome het hulle nitgehaal met wortels en al en megeneem na di skippe toe, om dit in Mitsra'im [Egipte] te gaan plant. Baing ander goed het hulle oek gehandel in di land en na di skippe gebring om mé te neem, fernamerlik goud, silwer, ifoor [olifantstande], ebbenhout, ape, bobejane, honde, slawe en felle fan tiirs en leeus.

Mar Koningin Hatasu had order gegé, by di terugkoms moes 'n gedeelte fan di manne met di kamele o'er land terug kom. En so doen hulle. En di Koningin fan Skeba gaan self same, sy en twe fan haar raadsmanne, en 'n party fan haar folk, met di party wat o'er land terug gaan na Mitsra'im [Egipte] toe, terwyl di ander terug gaan na di skippe toe, en met di skippe terug kom.

Hulle terugkoms was 'n grote feesdag. Di hèle stad Tébe het uitgetrek om hulle te ferwelkom. Di artikels wat hulle megebreng het werd fertoon, di welrikende bosse, di makke dire; 'n makgemaakte tiir met syn oppaster; 'n trop Tamaku dans 'n krygsdans. Di Koningin fan Skeba met haar raadsmanne word foor-gestel an Koningin Hatasu, same met 'n klomp jagters fan Khent-heu-nefer, en biid haar di persente an wat hulle megebreng het, terwyl sy op haar troon sit.

Daarop werd 'n grote offerande gebring an Ator, di "Koningin fan Punt" en "Meesteres fan di Hemel."



Om di herinnering an di tog te bewaar het Koningin Hatasu 'n nuwe tempel laat bou fer Ammon, an Tel-el-Bahiri, naby Tébe, en op di mure daarfan het sy di hele tog laat afskilder, waar dit tot fan dag toe nog staan.

Nadat sy 'n tyd daar gekuier het is di Koningin fan Skeba terug gegaan na haar land toe. Mar di Koning<sup>s</sup> fan Mitsra'im [Egipte] het alle 3 jare 'n handels-tog na di land fan Punt gestuur o'er sé, en tussenin o'er land. En soos 'n Koningin fan Skeba sterf het di Konings fan Mitsra'im [Egipte] 'n opfolger gestuur om o'er di land te regeer, mees nit di Koninklike famili. Mar so'n Koningin werd eers onfrugbaar gemaak, dat sy gen kinders moes hê wat altemit di ryk kon affallig maak ni. En so is di handel en gemeenskap tussen di 2 lande angehou tot fandag toe.

\* \* \*

Soos ons gesê het kry ons punt fer punt di héle geskiedenis hiir afgebeel op di mure. Hiir is al fer-eers di portret fan Koningin Hatasu wat folkome o'reenkcm met di wat in Egipte afgeteken is en wat Rawlinson gé, same met di portret fan haar broer.



KONINGIN HATASU.



TOTMES II.

Nou hoef 'n mens ni juis 'n Lavater te wees in gelaatskunde ni, om te sijn dat Koningin Hatasu 'n slimme frou was met 'n kragtige gees, terwyl haar broer meer as half onnosel lyk en niks beteken ni. Duidelik kan 'n mens oek sijn di false baard waarmé sy afgebeel is.

“Di Egiptenare het dus 700 jare foor Salomo al o'er sé en o'er land handelsgemeenskap gehad met di land hiir”—was myn opmerking.

“Ja, en nou blyk dit dat hulle oek hulle skippe gebou en hiirnato<sup>3</sup> gestuur het onder lyding fan di Fenisi'ers, wat di ondeste sé-farande folk fan di wêreld was. En dis natuurlik dat di Fenisi'ers en Egipte nou an makkaar ferbinde was, want alby folke stam af fan Gam en had dus fereers o'reenkoms in taal, sedes en gewoontes en godsdiins”—merk Neef Gideon op.

“Dis daarom wonderlik,” sé Neef Hendrik, “dat di oue mense so kort na di sondefloed al só fêr fersprey het o'er di aarde, en so fêr handel gedrywe het.”

“Né, dis ni so erg wonderlik ni, want 'kyk di afstammelingen fan Kus, wat di eerste tot hiir deurgetrek en di ryk hiir gestig het was rondtrekkende fé-boere, wat in tente en strooihuise gewoon, en ni huise en stede fan stene en klippe gebou het ni. Di beskrywing sé mos, hulle het in strooihuise hiir oek nog gewoon, en kyk daar op di afbeeldings kan jy dit nog sijn. Dit lyk selfs of party hulle huise fan takke en strooi in di bome gemaak het, molik tot befyliging teen di ongediirtes. En so staan dit oek afgebeel in di tempel wat Koningin Hatasu laat bou het ter herinnering an di eerste tog, waarfan ons net nou gelees het. So'n swerwende herdersfolk trek dus gemaklik dag fer dag ferder, fan di een land na di ander. Kyk hoe maklik ons foortrekkers al di land deurgetrek het, en hulle had nog wa'ens, mar di oue folke het in plaas fan wa'ens kamele gebruik om hulle goed te dra—soos ons daar afgebeel sijn—sodat hulle ni nodig had eens om paje te seek of te maak ni.”—Dit was myn opmerking.



DI KONINGIN FAN SKEBA.

700 JARE FOOR SALOMO.

*(Soos afgebeel in Hatusu haar Tempel in Egipte).*

“Mar sou dit nou di Koningin fan di land gewees hê, wat daar afgebeel staan, en wat o'ereenkom met di portret fan haar wat Rawlinson gé as afgebeel in Koni gin Hatusu haar tempel in Egipte? Dis mos 'n ware boesmanmyd! Kyk haar snaakse agterlyf, en kyk di uitstekende knoppe onder di oge en di hol ingefalle wange.” Dit was di juiste opmerking fan Neef Hendrik.

“A ja, di Boesmans is mos afstammeling fan Gam en di oudste inwoners fan Afrika. Di Kaffers is mar wynige eene gelede hiir ingekom, en is Isma'elite of of Arabire fan afkoms, en dus afstammeling fan Sem, soos hulle postuur en taal en gewoo tes antoon. En nou moet jy fereers jou foorstel, soos di geskrif en di afbeeldings oek toon, dat di oorspronklike befolkings fan di ryk 'n heel e'nfoudige lewe gely het, en an di ander kant dat di Boesmans ni altyd so'n diip gesonke nasi was soos hulle nou is ni. Dr. Bleek het angetoon, uit di menigfuldige forme fan hulle taal, dat hulle froeger 'n tamelik ontwikkelde folk moes gewees hê, en di oue aftekenings fan hulle wat nog oral op di klippe te sien is bevestig dit.”—merk ek hiiroop an.

“Ja, mar hê het hulle dan di uitgebryde mynwerke, en di geboue by Simbabwe en hiir di grafkelders gemaak?”—fraag Neef Hendrik.

“Wel, di het hulle blykbaar eers later gemaak, onder bestuur fan di Egiptenare en Fenesi'ers, soos di hoofstuk wat ons nou fertaal en gelees het andui, en soos blyk uit di geba'semde lyke,”—was myn opheldering.

“Né, wat ek di meeste bewonder is di skeepsfaart fan di oue mense. Dat hulle so fêr al gekom het met hulle skippe. Mar as 'n mens so'n skip beskou, en di eenfoudigheid fan di afbeelding fergelyk met di eenfoudigheid waarmé hulle andere dinge afbeel, dan blyk dit dat hulle skippe heeltemal doelmatig gebou was (di afbeelding fertoon mar 'n deel fan di skip), en dat

hulle met 30 roeiers en di kunsmatige inrigting fan syle 'n grote mag moet gehad hê om di betrekkelik klyne skippi te beweeg en te bestuur teen winde en storme. En kyk hoe kunsmatig is di stuur ingerig, sodat di stuurman 'n grote krag het om di skip te stuur.”—merk Neef Gideon op.

“Ja, en hiirby moet ons bedenk,” neem ek dit weer op, “dat hulle tyd geneem het fer so'n sétog. Heródotus ferhaal bevoorbeeld hoe Farao Nego, omtrent 350 jare na di tog fan Koningin Hatusu, en omtrent 350 jare foor di tog fan Salomo syn skippe, dus net in di helfte tussen di twe historise sétogte wat ons bewaard is, 'n sétog laat maak het rondom Afrika; sodat hulle by di Rode Sé uitgesyl en by di Middelandse Sé weer ingekom het, wat oek omtrent 3 jare geneem het. Mar hy ferhaal daarby dat hulle elke winter in 'n geskikte hawe o'erwinter het, wanneer 'n deel fan di skeepsfolk an di kus plant en saai, om farse groente en koorn te kry, en meteen handel drywe met di binnelandse stamme. Di oue mense het dus hulle tyd geneem en ferstand gebruik. Dit was toen ni alles so gejaag soos nou ni.”

“Ja, dis nou moo;,” merk Neef Hendrik op, “in Egipte het hulle nog di beskrywings en di afbeeldings fan di tog, en hiir kry ons nou oek di beskrywings en afbeeldings wat daarmé o'ereenkom, en wederkerig makkaar anful en bevestig.”


“En dis opmerkelik,” foeg ek daarby. “dat di produkte wat hiir en in Egipte afgebeel is, wat uit hiirdi land gebreng worde na Egipte toe, persiis diselfde is as wat Salomo syn skippe 700 jare later fanhiir gebreng het.”

Daarop merk Neef Gideon nog an: “En wat fer my altyd 'n raaisel was onder di produkte was di “almugginhout.” Mar dit word my nou hiir in di beskrywing duidelik: dit was 'n boom waarnit hulle 'n soort gom gatap het wat hulle gebruik fer wirook om te brande by hulle offerande. En heel waarskynlik is dit di mopani of wilde terpentynboom, wat so folgom is, wat so mooi brand en so'n bisondere, ni onangenaam reuk het. En kyk hoe baing moeite het hulle gedoen om di jonge bome met wortel en al na di skippe te ferfoer op di kamele, en dan juis 32 in getal, dis 'n bewys watter waarde hulle an di gom fan di bome geheg het.”

“Mar weet julle, dit word hoog tyd dat ons na di wa moet terug gaan. Ons kan fannaand nog 'n bitji gesels.”

En met di opmerking fan Neef Hendrik keer ons terug en dit was oek al skemerdonker toen ons uitkom. Toen ons naby di wa kom roep Neef Gideon: “Henni, jong, nou het ons al party fan di skatte gekry. Kerel, ons is almal skatryk as ons hiirfandaan af terug gaan.”

“Ja, Oom Gideon speel nog; maar weet Oom Gideon dat ons net sal swaar kry om weer terug te gaan hiirfandaan af; ons sal nog moet foet slaan,”—sê Henni, en ons merk almal dat hy buitengewoon serius was.



Een fan di 12 Skippe wat Koningin Hatusu na Ofir gestuur het 700 jaar voor Salomo, soos afgebeeld in haar Gedenktempel in Egipte.

“Wat makeer dan, Henni?”—fra Neef Gideon.

“Di fli’e (tsetse) het ons osse gesteek. Nou di reen gistraant op hulle gefal het, begin hulle te swel. Nou gaan ons iaaste os dood. En di naaste mense is di Boesmans, en hulle het gen fé ni. Hoe kom ons nou hiirfandaan terug. En nou di reen gefal het frek ons pèrd oek netnou an di pèrdesiikte.”

Henni was dus heeltemaal ter neer geslaan. En dit was fer ons oek mar ’n treurige tyding; want daarvoor had Umsalomi gen medisyne ni, en ou- wat al na’ dat dit ’n wonder sal wecs as ons ’n paar oss o’er hou wat ni dood gaan ni; en daar sit ons so fer in di woeste wêreld hulpeloos.



### Pratjiis o’er di Natuur.

#### DI LOOPBAAN EN DI KWARTIRE FAN DI MAAN.

**I**N di Juli-nommer fan *O. K.* het ons di opperflakte fan di Maan behandel, en toen het ons belowe om naderhand di loopbaan en di gedaanteferanderinge fan di Maan te behandel.

Daar is seker ni ’n hemelligaam wat so feranderlik en grillig is met syn lig as di Maan. Nou skitter sy groot en helder an di lug en lag sy ons toe nes ’n frindelike jonge dame; dan ge sy ons altyd minder en minder fan haar frindelike gelaat te siin, totdat sy haar gelaat yndelik geheel en al

fir ons ferberg agter ’n sluier. Sy is ’n oue kennis fan Oupa en Ouma en bly tog altyd jonk. As di oue mense mar net di Almanak in hande gehad het, en opgekyk het waffer kwartiir ons nou het, dan seg hul straks wanner ons reen te wagte is.

Hoe word di kwartire fan di Maan fiirorsaak? Fireers moet ons opmerk, ofskoon di Maan fir di oog net so groot lyk as di Son, is sy tog feul klyner. Di son is ’n miljoen maal so groot as di aarde, en di aarde is weer sowat 60 maal so groot as di Maan. Di Maan lyk so groot, omdat sy feul nader is an ons as di son. Di afstand tussen di Maan en di aarde is mar sowat 240,000 myle.

Di Maan loop om di aarde in di tyd fan 28 dage en draai om haar y’e as ok in di tyd fan 28 dage\*. Di gefolg hiirfan is, dat ons altyd net di een sy fan di Maan te siin kry. Om dit mooi te firstaan neem weer ’n lemoen en steek ’n speld in een sy fan di lemoen. Hou nou di lemoen met di speld reg na di lamp gekeer. As ons nou di lemoen ombring na di ander kant fan di lamp, terwyl ons di lemoen hou soos hy gewees het, dan sal di speld fan di lamp af wys. Om dit so te kry, dat di speld altyd na di lamp wys, terwyl ons om di tafel gaan, moet di gesig fan di lemoen met di speld gedurig in ons hand draai, sodat as ons terugkom by di plek waar ons beginne het, dan sal di lemoen net eenmaal geheel omgedraai het.

\* Saam met di aarde gaan sy ok om di Son.

Ons weet nou al dat di Maan ni met haar yê lig skyn ni, mar met di weerkaatste lig fan di Son. As ons op di Maan kon staan en onse aardbol beskou, dan sou sy sig an ons oog fertoen as 'n pragtige grote maan. Nou di Son kan mar net een sy fan di maan op diselfde tyd firlig. As dus di maan tussen ons en di Son is, dan is di lig sy fan di Maan fan ons afgewend; dan het ons *donkere Maan* of *Nuwe Maan*. Hoe ferder di Maan nou om gaan in haar loop om di aarde, hoe meer ons fan haar lig sy te siin kry, eers 'n klyne strepi, daarna altyd meer en meer. Di waarhyd hiirfan kan ons maklik beproewe met ons lemoen. Hou 'n ander ronde ligtautj tussen di lemoen (onse aarde) en di lamp, dan siin di lemoen op di donker kant fan di bol. Laat 'nou di bol ferder gaan om di lamp, terwyl di lemoen diselfde posisi hou, dan word daar altyd meer fan di lig sy fan di bol sigbaar fan di lemoen af gesiin. Sodra Son, Maan en aarde in so 'n posisi staan dat di lyn wat hul ferbinde 'n winkelhaak sou form, dan siin ons half-maan. Perbeer dit mar by di lamp. Wanneer di aarde kom tussen, Maan en Son, ni geheel in 'n regte lijn ni, mar so dat di strale fan di Son geheel op di Maan fal, dan siin ons di gehele ferligte sy fan di Maan, dan het ons *folle Maan*. Hoe ferder nou di Maan gaan, hoe meer di lig sy weer afneem totdat ons laaste kwartiir kry, en di Maan weer haar sluiër o'erset.

Om di kwartire nog beter te ferstaan moet ons 'n bol neem, waarfan di een helfte wit, di ander helfte swart is. Draai di bol stâdig om. Eers siin ons 'n klyne strepi wit, dan al meer en meer, totdat ons di gehele witte sy siin. So kan ons al di kwartire namaak.

Ons het straks gesê, dat di aarde soms tussen di Son en di Maan kom, soms weer dat di Maan tussen di Son en di aarde kom. Daarmê bedoel ons ni dat di dri ligame juis in 'n *rejte lyn* teuno'er mekaar kom ni. As byv. by ligte maan di dri ligame in één regte lyn was, sodat di aarde tussen di Son en di Maan is, dan sou ons ni di lig van di Son op di Maan kon siin ni. Dit gebeur wel eens, dat di dri so reg teuno'er mekaar kom. Dan kry ons *firduistering*. Kom di Maan in 'n regte lyn tussen di Son en di aarde, dan kry ons *Sonsferduistering*; dan siin ons di ronde form fan di Maan op di Sonneskyf. Dit het jul seker al bekryk deur 'n glas met lampswart bedek, nè? Kom di aarde tussen di Maan en di Son in 'n regte lyn, dan kry ons *Maansferduistering*, dan kry ons di ronde skadewe fan di aarde te siin op di maan.

Mar nou fraag jul misskiin: hoekom dat ons ni elke maand 'n Maans en 'n Sonsferduistering kry ni, daar di Maan eenmaal in di 28 dage om di aarde draai, en dus eenmaal di aarde tussen Son en Maan, andermaal di Maan tussen Son en aarde kom? Wel, dit is juis omdat, soos ons straks gesê het, di dri ni altyd lynreg teuno'er mekaar is ni.

Met haar manniir fan draai om di aarde is di maan ok mar grillig. Haar baan om di aarde firander gadarig. Het jul al opgelet as 'n bol fan katoen opgarol worde? Een slag draai 'n mens di katoen so om, dan weer anders om. As 'n mens 'n bol katoen mooi wil oprol; moet, di drade almal mekaar kruis op twe punte. Neem 'n gomlestiik bol. Draai katoen daarom, so dat di drade mooi neffens mekaar lê, mar dat hul mekaar by di aste kruis, so dat dus elke draad di bol in twe gelyke helftes ferdeel. Nou net so as di drade om di bol gaan en altyd fan baah firander, so firwissel ok di baane fan di maan om di aarde.

Fat nou weer jou lemoen in di een hand, hou dit foor di lamp, en laat 'n gomlestiik met jou ander hand al om di lemoen draai. Dit kan, so as di katpendrade ons geleer het, op allerande manire gebeur. Laat di bol altyd reg o'er di top fan di lemoen gaan mar firander di baane gedurig: laat di bol eers reg tussen di lamp en di lemoen deurgaan, dan net neffens di eerste baan, en so voort. So is di baan fan di maan om di aarde.

Nou bepryp ons dat dit ni dikwils gebeur ni dat di Son, Maan en aarde in 'n regte lyn teuno'er mekaar kom. Dog daar di ferandering fan di baan regelmatig is, kan 'n mens di ferduisteringe suiwer bereken, so as ons siin in di Almanak al jare.

Somtyds het ons 'n gehele firduistering, somtyds 'n gedeeltelike. Mar na 18 jaar en 10 dage begin diselfde reeks fan firduisteringe weer fan foor af S. P.

## Di Roosknoppi.

(Bekroonde Pryspraag).

FERKORTE INHOUD.—Di leser maak kennis met di persone wat di hoofrol ferful: Mnr. Retief en syn vrou, met syn 2 dogters Betti en Maria, en syn seun Dani, ferder met Betti Briek, di niggi fan Mnr. Retief syn kinders, en haar frindin, A. ni Joubert.

Dani en Anni het 'n gesprek o'er nasionalityt, waarin di onnodig gebruk van Engelse worde afgekeur word.—Hulle gaan na di waterfal toe, in di berg; Anni fal fan 'n klip en breek haar been wat deur Dani gespalk word. Anni herstel, na 'n maand.—Anni en Dani in di blomtuin; sy gé an hom 'n roosknoppi wat hy moet bewaar, en hulle neem afskyd fan mekaar.

Mnr. C. Brown di winkeliir en Mnr. Van Dyk kom di aand by Mnr. Joubert deurbring om te onderhandel en te siin di besighede van Brown en Joubert ireen te smelt. Anni haar pa het haar di vorige aand bekend gemaak dat hy wil hê dat sy met Brown moet tron, wat haar grote smart veroorzaak daar sy hom haat inplaa van liif het. Dit word fertel dat Mnr. Joubert so bitter teen di Afrikaner Bond gekant is. Di rede was dat hy deur middel fan di Bond in di Parlement wou kom, mar di Bond wou hom daar ni bring ni, omdat hy onbekwaam is. Brown fra Anni na 'n konsert.

Di Vrydag aand neem Brown fer Anni na di koutert, en toen hulle terugkom ferklaar hy haar syn leefte, waarop sy hom reguit sê dat dit moete te fergeefs was. Toen Anni by di huis kom was di dokter daar, om da haer na a skilk baing siik g-worde het. Toen sy later na haer kamer toegaan kry sy daar 'n' brief van Bettie Retief, waarin sy an Anni bekeid maak dat sy linnen 'n korten tyd gaan trou met 'n seker Smit v n Johannesburg. Anni soek in di brief te fergeefs na liets van Dani—gen woerd fan hom.

#### IV.—OUE BEKENDE.

**D**I son was reeds byna onder en Bettie Retief en Maria staan op di stoep en kyk of hulle pa nog ni an kom ni fan di fandisi af ni.

“Ag ek het so jammer fer arm pa; dit lyk of dit met hom nou gaan soos met Job: eers werd ons life ma fer hom en ons deur di dood ontruk en nou moet hy al di geld wat hy en ons o'erlede ma so swaar bymakar gemaak het fer ons, en om op hulle ou dage stil en onbekommerd te lewe, op eens ferloor,” sê Maria Retief. “Ja, Maria, dit is so, dit is fer ons almal hard, mar ons moet perbeer om di beste daarfan te maak. Mar daar kom pa nou net an; sorre jy dat daar fer pa 'n lekker koppi koffi is; ons moet nou perbeer om fer pa di lewe so aangenaam as molik is te maak,” was Bettie haar antwoord. Terwyl Mnr. Retief nou uitspan en di 2 dogters in di huis regmaak, wil ons so korteliks syn geskiedenis fan di laaste paar jare nagaan: Soos ons froeger gesiën het was Mnr. Retief ni alleen 'n knappe en welgestelde boer en 'n foornaam Afrikaner ni, mar daarby oek uiteraers menslifend en goedhartig. Hiirfan het party fan syn bure en familibetrekkinge party getrek om fer hom fer hulle te laat wissels ens, téken. Kort hiir, op folg toen 'n geld krisis en 'n heelboel mense gaan bankrot waaronder almal wat hy met geld gehelp het, en dus kom hy di aand in kwessi tuis fan 'n fandisi af, waar hy di tweede verband op 'n plaas gehad het fer £1,000—di eerste verband was £2,000 en was in di bank. Ongelukkig het di boer di plaas baing laat agteruitgaan sodat dit mar so skrap-skrup £2,000 gehaal het en gefolgelik moes Mnr. Retief di £1,000 ferloor. Dit was di laaste maal dat hy ferloor het mar dit bring di totaal dan oek op 'n 9 of 10 duisend pond.

Hiirby kom nog dat hy deur al di helpery fan andere ferplig was om 'n tamelike hoge verband op syn y'e plaas te neem waardeur hy nou weer in skuld is. Mar wat fooral di kroon gespan het, was di overlyde fan syn so seer beminde vrou. Is dit dan wonder dat Mnr. Retief di aand glad ni meer diselfde man was, soos ons hom foer byna 2 jaar geleer ken het ni?

Toen hy uitspan het kom hy huistoe, en hoewel di kinders baing nuwskirig was, kon hulle hom tog niks fra ni, want di treurige uitdrukking op syn gesig was te pynlik en di sê dan oek reeds

fer hulle dat hy weer 'n swaar ferliis gely het. So gaan hulle toen naderhand aan tafel sit, mar daar werd byna gen woerd gesproke ni. Nadat hy toen na gewoonte di huisgoddiins waargeneem het, neem Bettie haar stoel en gaan by hom sit met di mening om hom te fra hoe dit op di fandisi gegaan het en om hom moed in te praat, want sy foel dat dit nou haar plig is as oudste dogter om sofer sy kan di plek fan haar o'erlede ma in te neem. Mar toen sy in syn oge kyk en di pynlike uitdrukking siin, ontfaal haar alle moed en was sy op di punt om in trane uit te bars toen hy haar hand fat en sê:—

“Wat is dit myn kind, wat jy fer my wil sê; ek siin dat daar iist op jou hart lê? Praat reguit myn kind, moeni fer my iist agterhou ni; dit sou my di lewe nog bitterder maak. Maria neem jou stoel en kom sit jy oek hiir by my, julle, myn kinders, is al wat my nog o'erbly; julle is nog di enigste ligstraaltji op myn lewenspad en, kon ek dit doen, dan hou ek julle altyd so naby my dat ek elkeen met 'n hand kan fas hou.” En, terwyl hy dit sê neem hy Bettie haar linker in syn regter, en Maria haar regter in syn linkerhand.

Daar sit hy nou met syn 2 dogters, en hoewel hy swaar beproef was siin hy tog dat dit nodig was om di 2 jonge harte moed in te praat, en siin hy andermaal hoe swak di vrou is, en fal di woorde hom te binne:—

“Hy zelfstandig als de eeder,  
die op eigen wortel steunt;  
Zy afhankelijk als de klimop,  
die zich aan zyn takken leunt.”

Daarop seg hy:—“Wel myn kinders, ons moet di beste fan di saak maak; ek kan ni meer ferloor ni; ek sal weer met nuwe moed begin, en julle sal my help en dus sal ons wel kan lewe nê?”

“Ja, seker pa,” fal Maria in, “ek weet Bettie sal fer di huishou net so goed sofer soos o'erlede ma, en ek sal op 'n ander manier help; weet pa hoe?”

“Nê; laat ons hoor?”

“Wel Miss Nelson, di principaal fan di Seminary het fer my gefra om as tweede assistent daar te kom skool hou teen £120 per jaar en ek kry alles fry. Wat sê pa daarfan?”

Hoewel sy di aanstelling reeds froeger gekry het, wou sy dit ni eerder fer haar pa fertel ni, omdat sy, wanneer di nood op syn hoogste was, hom aangenaam wou feras.

“Wel ek weet byna ni wat te sê ni, want ek wil julle nou so graag by my hou en.—”

“Ja mar pa moet bedenk dis ni fer altyd ni, en dan dit is so digteby, as pa fer my wil laat haal dan kan ek elke Vrydag aand huis toe kom.”

“Ja, mar sal Bettie dan alleen kan reg kom in di huis?”

Dit word nou tyd fer Bettie om haar oek in di gesprek te meng, en sy kon di fersekering gé dat sy sal kan regkom, mar daar was iits wat as lood op haar hart druk; sy sou dit graag ferborge gehou het mar nou bring omstandighede dit mé dat sy daarmé moet uitkom. Di oge fan di ander 2 was altwe op haar gevestig, waarin sy siin dat hulle op 'n antwoord wag, en sy besluit om mar dadelik met di hele ding rond uit te kom. Sy gé eers 'n sug en sê toen:

“Wel ek sou folmondig hirop “ja” kan antwoord, mar ek frees dat ek dan ni heeltemaal eerlik sal wees ni. Daar is iits wat ek fer pa moet fertel—iits wat my swaar op di hart druk.” En weer ontglip haar di moed. Sy wil ferder praat mar kan ni; di woorde bly fassteek in haar keel. Haar pa druk haar hand faster in syne en sê, met 'n liifdefolle faderlike glimlag:

“Myn liwe kind, jy hoef jou ni so ferlege te maak ni, want ek denk ek weet tog reeds wat dit is: Dit is iits met betrekking tot di jongeman—Smit—wat al 'n paarmaal hiir was en in Johannesburg wou? Julle is-ferloof? Nou toe daar is di swarighyd nou fan jou hart weggeneem!”

Maria kyk ferwonderd, dan naar haar pa en dan naar Bettie, wagtende wat nou sal folg, terwyl Bettie haar pa dankbaar in di gesig kyk en sê.—“Ja pa, mar daarom nog ni heeltemaal ni.”

“Nou wel, wat is daar dan wat nog hinder; spreek op myn kind.”

“Danki pa fer di frindelike uitnodiging; ek sal daar dadelik gebruik fan maak. Ek het voor 'n paar dage fan Smit 'n briif gekry waarin hy my fra om in di eerste plaas pa se goedkeuring op ons ferlowing te vra en dan as pa daarmé instem, wil hy hê dat ons reeds met nuwe jaar moet trou—laat ek siin, dit is nou einde Juni, dus nog maar 6 maande!—Nou foel ek so sleg om pa so spoedig te ferlaat,—dit wil sê as dit pa se goedkeuring weg dra;—dit lyk so ondankbaar, te meer daar pa my nou so nodig het. Mar in di eerste plaas moet ek eers weet wat pa fan ons ferlowing sê'en of dit pa se goedkeuring weg dra?”

“Wel myn kind, dit sal my bitter swaar wees om jou af te gé, te meer nou, in di tyd, mar ek kan jou geluk ni an myn gevoel opoffer ni. Julle ferlowing dra myn folkomene goedkeuring weg, en ek is bly dat ek di fersekering het fan jou in goei'e hande te kan afgé. En fan harte wens ek jou geluk; jy het 'n goei'e keuse gedoen.”

Daarop omhels hy haar en druk haar 'n harte-like faderlike kus op di mond as bewys fan syn goedkeuring. Oek Maria spring op en wens haar suster op diselfde wyse geluk. 'n Mens sou amper ni sê dat dit diselfde huis is waarin kort te fore nog trane fan droefhyd gefloei het ni; want nou floei hiir bek trane, ja, mar freugde trane. Wat was di freugde fan Bettie groot om te weet dat haar keuse di algehele goedkeuring fan haar

pa en haar suster, di sy so teer bemin, wegdra. En Smit was di goedkeuring oek folkome wêrd, want behalwe dat hy 'n welgestelde, beter geseg, ryke jonge man, en aansinlik was, is hy oek gesprote uit 'n geêerde, respektabel, gristelike famili. Daarby kom nog dat hy Bettie reeds fan syn kinderjare af bemin het met 'n onwankelbare liifde.

Hulle neem toen almal weer hulle posisiis in en Mnr. Retief begin met:—

“Mar waarom moet julle dan so haastig trou, kan julle dit dan ni nog 'n bitji uitstel ni?”

“Ja pa,” was di antwoord, “as ek kan sou ek dit seker doen, mar Smit wil nou ni meer langer wag ni. En syn redes is so gegronnd dat ek ni kans siin om dit om te stoot ni. Hiir is syn briif waarin hy syn redes opgé; ek sal dit voorlees dan kan pa hoor.”

Na sy dit gelees het sê hy met 'n sug: “Nou wel, dan sal ek jou glo moet afgé, en misschien is dit oek mar beter dat ek dit nou doen; want ek is nou tog gewoon om ferlise te ly.

“Hiir is oek nog 'n klyne ferrassing fer pa,” sê Bettie, “ek sal dit voorlees.” En sy lees uit diselfde briif dat Smit skrywe dat hy, terwyl hy weet in welke moeilike omstandighede haar pa ferkeer, gewillig is fer hom dadelik £1,000 renteloos foer te skiit en later as hy dit wil hê sal hy hom met meer help, totdat hy dit eendag weer kan terug betaal; en hy belowe met een om di geld nooit fer hom op te sê ni. Hy sou dit alles laat beskrywe. Mnr. Retief syn antwoord hirop was, dat hy Bettie baing liwers by hom sou gehou het, al sou hy di hulp dan ni gekry het ni, mar nou onder omstandighede, sou hy ni so dwaas wees om dit fan di hand te wys ni, en hy neem dit dus met dankbaarhyd an. Ferder werd di aand nog bepaald dat Maria daarom mar sal gaan skool hou, want haargesondhyd was tog ni bestand fer di boerwerk ni, en as Bettie dan gaan trou dan sal Miss Retief, di ongetroude en enigste suster fan Mnr. Retief, ferder di huishou waarneem. Sy sou reeds di follende week al kom om by hulle te kom woon.

En so gaan ons dri frinde dan betrekkelik te-frede en fol moed fer di toekoms na bed.

\* \* \* \* \*

Dit is teen di ynde fan Janewari en omtrent half elf in di oggend. Ons is in Johannesburg, di grote goudstad in Transvaal. Daar kom 'n jong getroude frou in een fan di groot winkels, haar foorkome is baing bekend. Sy staan fer enige ogenblikke met ferbasing ferfuld en kyk na 'n enigsins klyn, in swart gekleede mysi, wat met haar rug naar haar toe staan. Di klyn mysi is besig om 'n paar handskoene uit te soek. Sy kry 'n paar wat na haar sin is, koop dit en draai om, om uit te loop toen sy begroet werd met;—“Ek dog so! Anni, jy hiir?” en Bettie Retief—nou

Juj. Smit—en Anni Joubert—want sy was di klyn mysi—omhels makaar hartelik.

“En, wat maak jy hiir Anni, ek het nooit ferwag om jou hiir te siin ni?”

“Net so min as ek ferwag het om hiir 'n bekende, en wel fer jou te ontmoet,” sê sy met 'n laggi.

“Hoe is dit dan ek het mos fer jou alles geskrywe?”

“Ja dit is so, mar onder al di droefhyd en naarhyd het ek alles fergeet.”

“Nou ou kind, ek is freselik bly dat ek jou ontmoet het; jy moet by my kom bly. Waar is jy nou tuis?”

Anni noem di naam fan di hotel waar sy is, waarop Bettie sê. “Nou dis goed. Al gé ek jou nou myn adres, dan sal dit tog mar fer jou moeilik gaan om myn huis te kry, mar ek sal jou laat haal. Ek sal fer Dani fra om jou te kom afhaal.”

Toen sy di naam fan Dani—di naam wat fer Anni so diirbaar is en wat sy so lang ni gehoor het ni—uitspreek, was dit net of Anni skrik en sy word oek 'n bitji rooi. Bettie merk dit en hoewel hulle boesem frinde was, het hulle tog nog nooit na di kant toe gepraat ni. Om toen 'n ander wending an di saak te gé sê sy: “Dit lyk of jy ferwonderd is om te hoor dat hiir nog 'n ou bekende fan jou is? Mar laat dit nou mar bly. Hoe laat kan ek jou laat haal?”

“Mar was dit ni beter as ek morre kom ni?”

“Ja, mar jy moet morre en o'ermorre en nog baing dage by my kuier. Ek sal jou sê waarom ek jou juis agtermiddag by my wil hê.” Sy bly 'n rukki stil, want nou moet sy weer fan Dani praat, en sy sou dit liifs ni gedoen het ni, daar sy duidelik siin dat sy dan 'n fyn snaar anroer. Dog dit kan nou ni anders ni, en dus ferfolg sy: “Siin jy, Dani ferjaar fandag, en daarom het hy fandag fakansi gekry. Nou het hy 'n paar fan syn frinde genooi om di aand by ons te kom deurbring. Ek sou so graag siin dat jy nou oek fanaand daar is. Hy sal baing bly wees om jou weer te siin.” En weer kom daar 'n blos op Anni haar gesig.

Wel dit werd dan so bepaald dat Anni sal gehaal worde en oek di aand by Bettie sal slaap. Molik sou sy nog 'n paar dage daar kuier, want haar pa was naar Pretoria, en sou 'n paar dage daar bly. En as sy alleen is dan fal di tyd haar tog maar lang, want hoewel sy in di grootste stad fan Suid Afrika was, was sy tog eensaam en alleen: sy ken nimand daar ni.

Toen sy weer terug was in di hotel had sy byha plan om ni na Bettie te gaan ni, want sy frees di ontmoeting met Dani; sy was bang dat sy haar ni goed sou kon hou ni; mar di begeerte en vooruit-sig fan hom,—haar skoonste idiaal—weer te siin, was haar te sterk, en sy pak dus een en ander dingetji in wat sy naar Bettie toe wil saam neem.

Omtrent 4 uur in di agtermiddag kom daar dan oek 'n kar wat haar kom haal naar Bettie Smit haar huis toe. Toen sy daar kom was dit nog regte stil, mar dit duur ni lank ni of di gaste begin ankom. Di indruk wat di gaste o'er algemeen op Anni maak was, dat hulle ni juis di ryke mar wel di respektabele klasse ferteenwoordig. En di indruk was reg oek, want Smit sowel as Dani het fan di standpunt uitgegaan dat dit beter is om liwers gen een frind te hê ni, dan om jou op te miks met slegte geselskap.

Mar dit was oek omtrent al wat sy gesiin het, want haar hart brand net om een te siin, en hoe di gaste en frinde oek al ankom di een kom ni. Wi di een is sal di leser wel self kan raai. Terwyl 'n paar fan di nuwe kennisse met Anni sit en praat, kom Bettie in di sitkamer gefolg deur haar man, wat sy toen an Anni bekend maak.

“Wel Miss Joubert, ek is regte bly om jou, 'n ou kennis van Bettie, te ontmoet en dat jy di moeite geneem het om ons te besoek.”

“Noem dit asseblif tog gen “moeite” ni; inteedeel is dit my 'n groot genot.”

“Ek wens mar dat julle twe 'n angenaam tyd tesaam sal deurbring.”

“Danki, ek hoop dit.”

Hiir val Bettie hulle in di rede met “Pieter,”—want dit was di naam fan haar man—“mar waar is Dani dan?”

“Hy is fer 'n ogenblikki op na di kantoor toe, di bestuurder het hom laat roep mar hy sal dadelik weer terug wees. O, daar is hy net.”

Almal kyk uit en natuurlik Anni oek. Mar watter vreemde gefoel kom o'er haar, toen sy in werkelikhed, di gestalte weer siin, wat sy so dikwils in haar soete drome sowel snags as bedags gesiin het. Hy was heelwat ferander: hy had 'n manneliker gestalte angeneem. Oek het hy, hoewel di grootmoedighed gepaard met goedhartighed nog net so duidelik as altyd op syn gesig te siin was, 'n feul ernstiger houding gekry—juis soos hy dikwils in haar drome ferskyn het. Sy foel dat haar bloed naar haar gesig styg, en dit was haar, of sy haar hart kon hoor klop. Bettie gaan uit om di mysi wat met Dani saam gekom het—Lissi Cameron—in te nooi. Toen kom daar 'n gefoel o'er Anni wat sy selwers ni weet waaran dit toe te skrywe ni. Was dit freugde by di weer-siin of was dit jalosi? Of was dit oek bittere teleurstelling o'er di gedrag fan Dani? Want Anni sit flak by di fenster, en toen Bettie fer Lissi Cameron—'n allerliifste mysi, by Dani weg fat loop hy flak by di fenster ferby en kyk fas in Anni haar oge mar syn gelaat bly yskoud; hy “trek gen bek ni.” Sy het tog tenminste 'n glimlaggi of iits dergeliks verwag—mar niks! Sou hy dan geheel gefoelloos teeno'er haar wees? Sou daar dan gen plaas meer in syn hart fer haar wees ni, of het 'n ander di hart, waarin sy fer haarsel self solang, en so

varig 'n hoeki begeer het, ingeneem? En so ja, wi kon dit wees? Kon dit ni misskiin di mysi wees wat nou met hom saam gekom het ni? Di gedagtes, en nog meer sulke rol deur haar hoof, en sy wens dat sy liwers mar in di stille P.—was want dan was sy tog teminste fer di smarte gespaar!

Dani gaan dadelik naar syn kamer, di deur waarfan op di stoep uitgaan, sodat hy ni nodig had om deur di mense te loop ni, om daar 'n klomp papire te gaan neersit, eer hy inkom ten ynde di frinde 'n kans te gé hom geluk te wens. Dit duur egter ni lang ni of hy kom in, en di mense storm toe om hom geluk te wens. Anni bly 'n bitji agter, fernamelik om te siin of sy niks in syn oge kon lees ni—mar niks. Hoe was dit molik dat hy so koud kon wees? Met eens kom Bettie nader en sê:—“Anni kom dan en wees bly met my, hoe lyk dit dan net of jy ni fer Dani meer ken ni?”

Nou siin sy fer di eerste maal dat daar 'n bitji vutur in Dani syn oge kom toen hy hoor dat Bettie Anni haar naam noem. Sy loop nader en Dani begroet haar met: “A, Miss Joubert is jy oek hiir, ek is regte bly om jou te siin.” En terwyl haar hand in syne rus, en sy opkyk in syn oge, kon sy duidelik foel dat di ferme regterhand wat haar eenmaal so teer fersorg, en so kragtig gedra het, and bewe was. Mar waarom sou dit wees? Sy weet seker, dat di hand toen oek gebéwe het, mar dit was toen, daarfan was sy o'ertuig, uit liifde; sou dit nou di teeno'ergestelde wees? En dan waarom sou hy haar nou *Miss Joubert*, en ni *Anni*, soos altyd noem ni? Seker omdat daar nou 'n ander naam was wat di plek in geneem het! Daar hy haar nou so noem sal sy hom dan oek ni meer *Dani*, mar wel *Mr. Retief* noem. A, het sy geweet hoedat di woord: *Mr. Retief* inplaas fan *Dani*, fer hom, wat sy so teer bemin het, ja nog bemin, seer maak, sy sou dit nooit uitgespreek het ni! Mar hulle was altwe ten deele onkundig fan di leed wat hulle makkaar andoen. Anni siin juis toefallig dat Bettie fer Lissi Cameron iits in di oor fluister, waarop hulle altwe so effentjiis lag? Wat sou dit beteken? Sou Bettie dit weet en fer Lissi fertel het watter gefoel sy en Dani froeger fer makkaar had? Né dit kon sy ni denk ni, Bettie kon daar niks fan weet ni, en oek sou sy haar ni so sleg gedrage ni. Mar later in di agtermiddag was Anni tog geny om dit te denk, want dit lyk haar of Bettie en Lissi binnen kort in 'n nouwere betrekking kon staan as sy en Bettie. Want tot haar bittere spyt moes sy siin dat Dani en Lissi te danig ekstra was, en ten o'erstaande neem Dani fan háar byna gen notisi ni. Kort daarop hoor sy toen iits wat heeltemaal haar moed beneem: Twe mysiis wat kort by haar sit kyk altwe naar Dani en Lissi toe en di een sê; “Dit is seker, sy maak

'n kostelike huwelik, want hy is daarom 'n baing ordentelike kêrl.”

“Mar is hy ryk?” fra di ander.

“Ne, mar hy staan 'n kans om ryk te, wr de, want hy werk hard, en maak baing goeie sake.”

“Ja dit lyk oek of Lissi fer di geluk gebore is. Wanner gaan hulle trou?”

“Dit is nog ni fas bepaal ni, mar hulle praat fan o'er 'n maand.”

Dit was so feul as Anni hoor, mar dit was dan oek genoeg, ja tefeul fer haar. Daar was daarom nog een mooi plekki in di woestyn fer haar n.l. di aand as di mense weg is, sal sy wel 'n kans kry om met Dani 'n bitji alleen te wees en dan sal sy fer hom 'n bitji pois. Ag, wat sal dit 'n genot wees om weer met hom 'n bitji alleen te wees!

Mar o wé, oek di genot word haar ontseg, want toen di mense begin weggaan, kom Dani naar Bettie toe en sê fer haar dat sy di aand ni fer hom hoef te wag om te eet ni, want daar was belangrike besighyd in di kantoer, en hy het di bestuurder belowe om hom in di aand te kom help.

Daarop draai hy fer hom naar Anni toe en sê: “Wel Miss Joubert ek moet jou groet, mar ek hoop om jou weer morre of so te siin want jy bly mos seker nog 'n tydji in Johannesburg?”

Eer sy egter kan antwoord gé sê Bettie: “Wel seker sal jy haar siin want sy bly fanaand hiir en sal nog 'n tydji by ons kuier.”

Dani wou antwoord gé mar siin dat Lissi met ongeduld op hom wag, en dus haas hy hom om met haar saam te loop. Dit was fer Anni nog di swaarste fan al. Inplaas fan dat sy met Dani di aand alleen sou deur bring sou Lissi Cameron dit doen. Sy was derhalwe dood bly toen sy di aand yndelik alleen in haar kamer was. Sy plak haar neer foor haar bed, in 'n leuning stoel, druk haar sakdoek foor haar oge, en bars toen uit in 'n heete tranefloed. Nou soos ons reeds gesiin het Anni was ni 'n tjankbali ni, en as sy huil dan is haar smart regtig groot. Toen sy goed uitgehuil het staan sy op, skuiwe di raam op om 'n bitji koel lug te kry. Sy kyk as 'n sinnelose in di donker, en net so donker as dit daar buite was, net so donker was dit in haar binnenste; net so ferward as di uitgereende dunne miswolkiis daar heen en weer foor di maan rond drywe, net so ferward gaan haar gedagtes heen en weer.

Mar yndelik kom sy deur di gesende koele en frisse naglug tot haar selwe en tot bedaring. Sy maak di raam weer toe, gaan naar haar koffer, haal daar 'n klyn dosi uit, maak dit oop en bring 'n ander klyn dosi te foorskyn, waaruit sy 'n droge roosknoppi uithaal wat egter, deur sorgfulddige droging syn oorspronkelike kleur en form behou het. Met 'n dipe sug bring sy dit an haar lippe en sê toen, as of sy tot di roosknoppi spreek: “Ag hoe salig was my di ogenblik toen ek jou uit *syn* hand ontfang! Hoe sorgfuldig het ek jou



bewaar! En hoe heerlik was dit my om uit syn mond te hoor: 'Bêre di knoppi tot gedagtenis an my; solang jy di knoppi bewaar en in jou besit het, sal ek diselfde teenoer jou bly wat ek nou is, en sal gen ander di plaas in myn hart inneem wat jy nou inneem ni! Ek het jou nog, en tog, hoe is hy ferander?' Ek het jou nog in myn besit, en tog het 'n ander di plek in syn hart ingeneem! Mar ek sal jou tog altyd bewaar as 'n hylige herinnering fan froeger genot; ek sal ni ferander ni; gen ander sal ooit di plaas in myn hart inneem wat daarin an hom behoort ni."

Sy trek haar daarop uit en gaan naar bed, mar wat sy oek doen, slaap kon sy ni. Al di moeilik-hede wat haar in di laatste tyd o'erkom het kom haar weer foor di gees: Eers was sy ferplig om di skool te ferlaat, waar sy so graag nog 6 maande wou gebly het om haar sertifikaat te kry, om haar ma te help in di huis. Kort daarop moes sy di moeder wat sy so teer bemin an di dood afgê. Oek werd sy deur haar pa gedwing om met Brown te trou di sy haat as di pes en met wi sy nooit kan en sal trou ni, en sy had 'n foorgefoel dat di saak nog 'n bittere uitynde sal hê. Toen hêt sy toegestem om met haar pa saam naar Johannesburg te kom omdat soos hy sê, di ferandering fer haar sal goed doen en omdat sy gemeen het, dan tog di tydje fan Brown ontslage te wees.

Mar o wê, Brown het weet te fertel dat hy belangrike besighyd in Johannesburg het, en dus was hy, tot haar grote smart saamgekom. Toen werd sy ferras met di fooruitsig om fer Dani te siin, en sy had di hoop dat sake nou tot 'n besliste punt sou loop, mar oek hiir wag haar teleurstelling, altemit nog di grootste smart fan alles, want hoe bitter werd sy ni teleurgestel ni? Wat het sy di agtermiddag ni alles gehoor, gesiin en onderfinde ni? Ag alles was so duister, daar was net een flou liggi en dit was n.l. dat sy met Bettie di anderdag 'n lekker gesels sal hê, en dan sal sy fer haar alles uitfra wat fer haar so duister is. Op di manier werd di nag deurgebring. Di anderdag morre had di twe dan oek 'n lekker gesels, en Anni kon weer hartelik lag soos froeger. Bettie fertel haar toen dat Dani hy haar loseer, en hoe bly sy was dat sy weer eenmaal di foorreg had om fer hom te sorre. Sy fertel haar oek omslagtig hoe dit teenswoordig met haar pa gesteld is, en hoe mooi dat Dani haar pa help met geld, "want," sê sy, "hy trek 'n goeie salaris, en met spekulasiis maak hy oek net goeie sake."

Toen sy dit sê kry Anni dadelik gedagte dat di een mysi gister diselfde woorde—goeie sake—gebruik het. Sy dog: di een wat o'er 'n maand gaan trou is di een wat di goeie sake maak, en di een wat di goeie sake maak is Dani! En hoewel sy fer Bettie niks wil laat merk ni, kon sy tog ni foorkom dat 'n dipê sug haar ontglip ni.

Sy fertel fan haar kant weer fer Bettie alles wat

in di laaste tyd met haar gebeur was, mar sorg dat sy niks laat uitlek wat betrekking het op Dani ni. Sy kon egter ni ferstaan waarom Bettie haar niks fertel fan di huwelik fan Dani met Lissi Cameron ni, want dit was reeds so naby dat sy dit ni meer hoof gehym te hou ni. En hoewel sy dood nuws-girig was had sy tog ni di moed om Bettie daar-omtrent te fra ni; dus bly sy in di duister. Toen sy fer Bettie alles fertel het omtrent Brown, sê Bettie: "Mar is dit ni dalk diselfde fent wat foor enige jare hiirfandaan laat spat het ni?"

"Dit weet ek ni. Mar waarom het hy dan laat spat?"

"Dit weet ek weer ni, mar Pieter het my fertel dat dit was o'er geld wat weggeraak het uit di prifate kantoor fan een fan di maatskappye waar hy in gewerk het, en hulle hou hom ferdag dat hy dit gesteel het. Mar soos ek gesê het, ek weet ni reg ni, dog ek sal fer Pieter fra as hy middag kom."

Hoewel Anni haar nooit ferheug in di leed fan 'n ander ni, wens sy tog dat dit waar moet wees, dan sal sy dit tog fer haar pa laat hoor, opdat hy kan siin wi Brown is.

Toen hulle dan oek an tafel sit di middag sê Bettie:

"Pieter, hoe was di kêrl syn naam wat foor enige jare in di plek fan Dani was, en wat di geld gesteel het en toen laat spat het?"

"Dit was 'n sekere Brown! Hoe kom fra jy?"

"Omdat julle nou 'n mooi kans het om hom te pak want hy is nou weer hiir soos ek hoor."

"Ja ek het di fagebond juis fanmorre in di straat gesiin, ek—"

"Wag moeni te fer praat ni, jy sal fer Anni te na kom," dit sê Bettie met 'n spottende glimlag, somar om fer Anni 'n bitji te tere.

Daar ontmoet Anni haar oge juis di fan Dani. Hy kyk haar ferbaas en half ferwytynd an. Sy laat haar kop weer sak en sê: "Ag, né Mnr. Smit, Bettie speul mar, gaan mar gerus an," waarop hy ferfolg: "Dit sal my spyt as ek Miss Joubert te na moet kom, mar dan doen ek dit ni moed-willig ni, en molik is dit goed dat sy dit weet. Di ding is egter dat nimand hom kan pak ni, want di beskuldiging is daar, mar dit gaan moeilik om dit te bewys, en as 'n mens dit ni kan bewys ni, dan kan jy hom ni beskuldig ni, daarom moet ons mar fersigtig wees, wat ons praat. Ek is egter folkome o'ertuig dat hy di geld gesteel het, mar hy is ni alleen ni, daar is nog 'n paar met hom saam. Ek hoop di ding sal daarom nog eendag an di lig kom." En hiirmê was di gesprek en oek di maaltyd afgeloop. Na di ete gaan Anni naar di sitkamer om 'n boek te haal wat sy di morre daar laat lê het, en pas was sy daarin of hiir kom Dani oek in. Sy was ferwonderd, mar oek bly om te siin dat hy haar opsoek, mar wat sou di rede wees? Dit sou sy gou weet:

Di aand sou daar 'n groot konsert gegé worde, en hy kom haar fra om haar daarheen te neem. Dat sy di anbod met blydschap aangeneem het, sal wel ni eens nodig wees om te sê ni.

In di agtermiddag kom Brown daar angery met 'n 'cab,' en fra oek fer Anni na di konsert, mar sy sê dat sy reeds fer 'n ander "ja" gesê het! Hy sê toen fer haar dat hy en haar pa di morre uit Pretoria gekom het; dat hulle toen by di hotel gehoor het waar sy is; dat haar pa toen fer hom gestuur het om te kom kyk hoe dit met haar gaan, en dat haar pa toen gesê het dat hy haar na di konsert moet bring; haar pa sou daar wees om haar daar te ontmoet. Oek ferwag haar pa dat sy fan di konsert weer na di hotel sal kom di aand; hy wil dus weet wat hy fer haar pa moet sê.

Haar antwoord was dat sy haar woord ni kan breek ni, en dat sy oek ni di aand na di hotel kan kom ni, want sy het belowe om di ander dag met haar frindin uit te ry. Mar sy sou di aand selwers met haar pa praat.

### Afrikaanse Taalkongres 1897.

**D**I Taalkongres fan 1896 was di oorsaak dat ek in di wêreld gekom het, en nou kan ek al di oue frinde wat toen hiir gewees het nooi om weer te kom follende jaar en andere frinde oek mé te bring. En al di frinde wat ferlede jaar ferhinder is nooi ek oek uit, en di nuwe frinde wat ek in di tyd gemaak het oek almal. Ons Afrikaners het amper gen Folksfeeste of Nasionale Feeste ni. Laat ons nou di twede of derde week fan Jannewari al jare tot 'n Folksfees maak fer alle regte Afrikaners. Di Paarl is net di plek en Jannewari is net di tyd daarvoor. Ek maak dan nou oek mar bekend wat al laaste keer besluit is.

Mar nou moet ek fer julle fertel wanner ons sal by makaar kom en wat ons sal maak. *Woensdag en Donderdag, 15 en 16 Jannewari*, sal ons weer ons *Taalkongres* hê, as ons liwe Here wil, en *Frydag, Saterdag en Sondag daarop godsdiinstige samekomste*. Fereers is di punte fer bespreking en behandeling opgestel soos folg, mar dis ni di wet fan di Méde en Pérse wat ni mag ferander worde ni. Di frinde kan nog hulle gedagte daar-o'er gé, en daar kan nog wysigings en toefoegings gemaak worde.

*Woensdag Morge*: Di Ferhouding fan Afrikaans, Hollans en Engels in Suid Afrika.

„ *Namiddag*: Ons taalkunde, woordeboek en Bijbelfertaling, met Monsters.

„ *Aand*: 'n Oorspronklike Afrikaanse Tooneelstuk: "lifde getrou tot in di

Dood" ('n Historise Drama, uit di geskiedenis fan di Foortrekkers).

*Donderdag Oggend*: *Ons Klyntji*, syn eerste en syn tweede jaar.

„ *Namiddag*: Griwe o'er onreg ons taal angendoen.

„ *Aand*: 'n gesellige Aand, al wat di Paarl goed kan oplewer: Musiik, Frugte, Dranke, Geselskap, ens.

*Vrijdag Oggend*: Di Ferband tussen taal, Nasionalityt en godsdiins.

„ *Namiddag*: In hoefer gaan di Gereformeerde Beginsels fooruit of agteruit in ons land, en in hoefer hang dit same met onse nasionale ontwikkeling of ontarding?

„ *Aand*: Disputasi tussen Ds. M. Postma en Ds. S. J. du Toit o'er di sing fan Psalmme en Gesange in di Kerke.

*Saterdag Oggend*: Moet alle gedoopte aangeneem worde en na di Nagmaal gaan? ('n Fraag wat laaste maal onbeantwoord gebly het).

„ *Namiddag*: Waar staan ons nou, follens di Profesi'e en Tekene der Tyde?

„ *Aand*: Onderlinge Byeenkoms ter Bespreking fan ferskillende Fraagpunte, waar ider fry is om 'n punt foor te bring.

*Sondag*: Diinste deur ferskillende Predikante.

*N.B.!* Di wat fan plan is om te kom, moet asseblief so gou as molik is skrywe an D. F. du Toit & Co, Paarl, dat ons 1) fer hulle Sertifikate kan stuur waarmé hulle spoorweg kaartjiis kan kry (sofer as ons Koloniale spoorwege gaan) *fer halfprys*, en 2) fer losiis kan sorge. Soseul as molik is sal ons perbeer om di frinde ferniit te loseer en so na molik an di plek fan samekoms. Maras daar baing kom (soos ons ferwag en ferlang) sal party 'n bitji ferderaf moet loseer en party by prifate losiishuise. Nou is daar frinde wat jonk en fluks is en ni omgé om 'n entji te loop ni, mar andere wat ni kan ni; en dan is daar frinde wat ni omgé om 5s. op 'n dag fer losiis te betaal ni, en weer andere fer wi dit swaar fal omdat hulle minder fermogend is. En ons wil dit so annemelik molik maak fer almal. Daarom moet di frinde by hulle kenningsgewing tog seker fermelde 1) of hulle graag naby di fergaderplek wil loseer en 2) of hulle gewillig is om in 'n prifate losiishuis te gaan,—dis daarom ni Engelse Hotels ni, mar Afrikaanse losiishuise. Natuurlik sal ons perbeer, as dit kan om almal ferniit en so na molik te loseer; mar dis mar 'n foorsorg wat ons gebruik, omdat ons ni weet hoeveul sal kom ni.

Mar hoe meer kom, hoe beter. Laaste jaar het omtrent 'n honderd di byeenkomste bygewoon, ons wil hoop di getal sal nou dri keer of fiirkeer so groot wees. Julle kan gerus kom. Di Paarl

is dan mooi; baing frugte en druiwe; en hiir woon baing Afrikaners wat frindelik en gasfry is. En di week na di samekomste is di Jaarlikse Tentoonstelling. Dan kom dit net mooi. Di frinde wat wil kan na di samekomste 'n paar dage an di Kaap of an di Strand gaan kuier, en dan met terugkoms meteen nog di Tentoonstelling oek bywoon. Ferskye het dit laaste keer oek gedoen, en dit het hulle ni berou ni.

Wat ons graag wil hé is dat di Taalkongres en Godsdiinstige samekomste 'n Jaarlikse Folksfees moet worde fer alle regte Afrikaners.

## Hoe wonderlik ons gemaak is.

### III. DI SAMESTEL VAN DI BLOED.

**A**S imand 'n bitji bloed dunnetjiis op 'n ruitspry en met 'n vergroot glas bekyk, sal dit ver hom lyk nes bisonder klyne rooie sand korreltjiis, gemeng met wateragtige vog (*plasma* genoem).

Een van di déle van di "plasma" het di Engelsman di naam gegé van "*Fibrin*." En kort na bloed uit di liggaam kom, dan verander di "*Fibrin*" in drade, nes 'n spinnerak, of nes di drade wat 'n mens in skimmel brood siin as jy dit oopbreek; en dis dit wat di bloed vas hou an makaar nes een stuk. Mar roer imand di bloed terdege met syn hand, dan kom di "*fibrin*" alles an di hand vas sit, en dan kan di bloed ni dik worde ni.

Word daar weer sout in di bloed gegoi, dan bind dit met di "*fibrin*" en hul twé sak saam af, en di bloed bly ook dun.

Plaas 'n mens nou bloed, wat op 'n stuk glas verspry is, onder 'n regte Mikroskoop (Klypkyker of vergrootglas) dan siin hy twé soorte bloeddeeltjiis—rooie en witte omtrent driehonderd rooie ver elke witte. Di fatsoen van di rooie is nes 'n plat gedroogde vyg, wat in di middel 'n bitji dunner is as by di rante. Mar hul kan hul vorm so verander, dat hul by di nouste skeurtji gemakkelik deurgly mar net soos hul deur is, dan het hul weer di oue fatsoen. Dit word bereken dat daar meer as 10 miljoen van hulle op een vierkant duim langs makaar kan lê; so tel 'n mens ver hul by miljoene in een druppel bloed. By bloed wat van di longe kom, is dit veramelik di rooie bloeddeeltjiis wat di suurstof bevat, wat hul uit di lug uit gehaal het en rond breng ver gebruik van di speire, dis so te sê ons "transport-karretjiis," wat mar altyd op 'n gelop gaan om di provisi rond te breng.

Di wit bloeddeeltjiis weer het ni 'n vaste vorm ni, mar verander gedurig van fatsoen, en het meeste van di tyd bulte en punte, wat na al di kante uitsteek, mar soos hul tot rus kom, dan kry hul gewoonlik di vorm van 'n lamoen, en dus ook van onse aarde. Binne in idereen van hul kan 'n mens, onder sekere omstandighyd, duidelik 'n ronde ogi, of léwenspunt siin, en hulle léwe selfstandig in di "plasma" van di bloed.

In di "Gyl-are" kry 'n mens mar net witte bloeddeeltjiis, en ni rooie ni, en di gedagte is, dat hulle gebore worde of hul oorsprong kry in kltre, waar di "Gyl" deur loop. Di opening tussen 'n "Gyl-aar" en 'n gewone aar is oek voorsin van Kleppiis, so dat regte bloed nooit in di "Gyl-aar" kan kom ni.

Misskien sal party van di lesers nog onthou van di stuk wat di Editeur van "*De Getuige*" in di Jaar 1891 hiromtrent geskrywe het, onder di hoof "Het bloed is de ziel." Dit was namelik omtrent di oorsaak van verskillende siiktes, soos Tering, Cholera, Lazarus en so fort: en hoe dat Pasteur en Kock uitgevinde het, dat di siiktes ontstaan deur dat klyne kime of léwende diirtjiis in dring in di bloed en dit vergiftig. Mar hul kon ni verstaan hoe dit mo'entlik is, dat 'n mens nog kan gesond bly ni, terwyl ons met di water wat ons drink, en met di lug wat ons inasem gedurig, duisende van di diirtjiis inkry.

En toen het Dokter Metchvikoff, 'n Rus, uitgevinde, dat di klyne witte bloed deeltjiis of "*Fagosite*," soos hy hul noem, omdat hul so fruatsugtig is, ygenlik ons léwens beskermers is. Soos di dodelike kime of "*Basille*" in di bloed kom, dan pak di "*Fagosite*" hul an, en sit hul agterna as hul hardloop tot di kime in di hand is, en fret hul dan op.

Een voorbeeld van di proefneming was dat hy koolkime agter di oge van dire gesit het. Dis 'n plek waar daar gewoonlik mar min "*Fagosite*" is. Dadelik toen di "*Basille*" daar begin te hinder, stroom di "*Fagosite*" op hul toe. Van buite was daar toen onsteking in di oog, mar al di tyd was dit mar net di oorlog tussen di diirtjiis. Kort daarna het hul di koolkime baasgeraak en ferteer en di oog was gesond. Mar nou is daar baing oorsake, soos verwaarloosing of al te grote warmte, wat maak dat hul hulle eetlus verloor, en dan natuurlik neem di siikte-kime di oorhand. So moet ons nou mar daarop toelê om met 'n matige léwe onse magtige volki, di "*Fagosite*" in goeie gesondhyd te hou, en as dit nodig is, mar net sulke medisyne gebruik wat ni tot nadeel van di bloeddeeltjiis is ni.

Di gedagte van 'n Duitse Godgeleerde en Letterkundige, genoem Herder, gaan so vér dat hy di bloeddeeltjiis voorstel as wêrelde, en sê:—"Mo'entlik vervul in myn are duisende wêrelde op 'di ogenblik hulle laaste noodlot, en mo'entlik is di

grote wêreld wat ek met myn verkyker kan siin, niks anders ni as bloedbolletjies van 'n grote wêrelddiir wat met duisende van syn soort op di wye wêreldvlak spenl."

Di mens kan ver hom klaar hou om baing dinge hiirna te siin waar hy nooit van gedroom het ni. 'n Mens kan daarom gerus nou mar, al was 'n bitji uitstaan in di verwagting om later deur di Skepper self di onbeskryflike wonders van di Heelal geleer te worde.

### Prysfrage.

**A** *BUISE met di lyste fan Afrikaanse Woorde.*—Julle sal dalkiis denk *Ons Klyntji* kan nog ni goed tel ni, mar dis ni so ni; juis om hy so baing klaar te maak had foor syn laaste besoek het hy di tellery fan di lyste fan Afrikaanse woorde an andere moet o'erlaat, en nou moet hy so jonk al onderfinde dat 'n mens jou ni op andere moet ferlaat ni. Daar is ni minder as 6 foute ingekom, wat 'n hele ferandering bring in ons lys fan pryse. Dit lyk nou ni mooi fer di wat *in* was fer pryse onder di hoogste 10 om nou *uit* te fal ni, mar reg is reg. Nimandsal tog ferlang om op onwettige wyse 'n prys te kry ni. Toen ons andag bepaal werd by di foute, het ons dit noukeurig nagegaan, en toen siin ons, ja party staan opgebreg fer *meer* woorde as hulle werkelik gestuur het, soos J. C. de Klerk, fan Daniëlskuil staan 885, moet wees 784; Annie du Toit, Caroolspoort, staan 665, moet wees 254; mar an di ander kant staan weer *te min* opgebreg, soos K. Malherbe, Pretoria staan 532, moet wees 1674; J. A. du Plessis, Burgersdorp, staan 285, moet wees 1057; Jongej. R. de Villiers, Paarl, staan 274, moet wees 1418; A. J. Dieperink, Gedenkschool staan 253, moet wees 1653. Di lys is nou soos folg.

- 1) 2224.....Buys.....Enkele Hollandse woorde by.
- 2) 1674. K. Malherbe, Pretoria. Heel min do.
- 3) 1653. A. J. Dieperink, Gedenkschool. Enkele do.
- 4) 1418. Jongej. R. de Villiers, Waterfal. Heel min do.
- 5) 1340. J. J. J. Taljaard, Heidelberg Z. A. R. Enkele do.
- 6) 1322. Jongej. E du Toit, Daljosafat. Do. do.
- 7) 1150. E. S. du Toit, Koopman. Do. do.
- 8) 1057. J. A. du Plessis, Burgersdorp. Do. do.
- 9) 1000. W. Malherbe, Normaaalskool. Do. do.
- \*10) 802. Perey Rex, Pretoria. Heel min do.

\*Hoewel Mnr. Rex minder woorde ingestuur het as di 2 follende, tog as di Hollandse woorde afgetrek word het hy meer suiwer Afrikaanse woorde.—O. K.

945. J. M. Smit, Fraserburg. Baing do.
882. J. E. du Toit, Pretoria. Do. do.
795. M. J. Cronje, Lindly. Do. do.
784. J. C. de Klerk, Daniëlskuil. Do. do.
749. P. Marits, Gedenkskool. Enkelé do.
678. D. J. Conradie, Jagerskraal, Beaufort, W. baing do.
636. M. A. de Beer, Samenkomst, Reits, O. V. S. do. do.
589. A. Henning, Burgersdorp, te feul, do.
584. P. J. de Wet, N. sn. P. K. Limoenfontein. Ak N. enkele do.
576. Jongejuffrou Martha Pienaar, Beafort W. baing do.
565. Jongejuffrou Johanna Henning, P. K. Knapdaar, enkele do.
536. Jongejuffrou Johanna Henning, P. K. Willemsrivier, te feul do.
468. Jongej. Anna Potgieter, Draaihoek, enkele do.
419. D. G. v. d. Walt, P. K. Rayner, Burgersdorp, do. do.
367. J. P. van Zijl, Drifontein, Barkly W., do. do.
340. J. W. Pretorius, De Aar, dst. Vryburg, do. do.
254. Anni du Toit. Nauwpoort St. Do. do.
- 23,854. Totaal.

### Oplossings van Raaisels.

[Ons moet waarlik ekskuus maak dat ons nou eers deur verskillende omstandighede, Oom Jan syn verslag van di oplossing van "Almanak" en "Ons Klyntje" raaisels publiseer. Ons plan is eger om anstaande jaar alle 4 of 6 maande 'n aparte byvoegsel nit te gé by *Ons Klyntji, Patrios* en *Dagblad* net met di verslag van oplossings. Dan sal dit wel beter gaan. Intussen moet onse jonge vrinde nou mar voor einde Desember alle oplossings instuur an raaisels wat in *Ons Klyntji*, ens. vers' yn. Dan doen ons meteen van alles verslag.]

Geliefde Vrinde,—So wat is lan' tyd ni gebeur, dat ons 'n lys van tusse 500 en 600 name kan publiseer van dige a. wat di Raaisels in di *Afrikaanse Almanak* van 1896 en van *Ons Klyntji* opgelos het. Di jongspan het di slag net flaks gemaak en ons is oek regte tevrede. Om dit gemaklik te maak en plaasuimte nit te win, het ons alles in een Alfabetise lys geplaan en achter elke naam gedruk wat ider opgelos het—No 1 basteeken *eerste* raaisel in di *Almanak*; No 2 *tweede* in di *Almanak*; No 3 *derde* raaisel in di *Almanak* en Kl. di A. B. C raaisel in *Ons Klyntji*. Di rgte antwoord volg b i r.

Wi van di jongspan wil nou di moeite neem en optel hoeveel oplossings daar al te same ingekom is?

Tel dan ens:

- a) Hoeveel het 1, 2, 3, en kl. opgelos.
- b) Hoeveel het 1, 2, 3, alleen opgelos.
- c) Hoeveel het 1, 2, en kl. opgelos.
- d) Hoeveel het 1, 2, alleen opgelos.
- e) Hoeveel het 1, en kl. opgelos.
- f) Hoeveel het 1 alleen opgelos.
- g) Hoeveel 2 en kl. opgelos.

- k) Hoeveel het 2 alcen oppelos.  
 l) Hoeveel het 3 en kl. oppelos.  
 m) Hoeveel het 3 alle n oppelos.  
 n) Hoeveel het kl. alleen oppelos, ens. en dat hoeveel al di  
 oplossings is. Waar meer as een naam in een lyn staan, het  
 hulle diselfde oppelos.  
 Voor einde Desember moet di antwoorde ingestuur word,  
 en onder digene wat sekuur getel het sal ons 4 prijse uitloot.

ANTWOORD VAN DI 4 RAAISELS.

Almanak Raaisel. No. I.

- 1 Gij, Heer! verdelgt den logenspreker, Ps. 5: 6,
- 2 De goddelooze raakt in banden, 9: 16,
